# LEESGIDS

## INHOUD


| | | BL. |
|---|---|---|
| **A** | **PRE-LEES** | |
| 1 | “BRAND” AS ROMAN | 2 |
| 2 | DIE SKRYWER FANIE VILJOEN | 3 |
| 3 | KARAKTERS | 3 |
| 3.1 | Ronde en plat karakters | 3 |
| 3.2 | Die Foster-gesin | 4 |
| 3.3 | Die verskillende karakters in die roman | 7 |
| 3.3.1 | Arian Foster (hoofkarakter [protagonis, ronde karakter]) | 7 |
| 3.3.2 | Janco Foster (antagonis [ronde karakter]) | 10 |
| 3.3.3 | Estie Swart [ronde karakter] | 11 |
| 3.3.4 | Sonet Foster (Arian se moeder [plat karakter]) | 13 |
| 3.3.5 | Liny Foster [plat karakter] | 13 |
| 3.3.6 | Herman Foster (Arian se pa [plat karakter]) | 13 |
| 3.3.7 | Ouma [plat karakter] | 14 |
| 3.3.8 | Maddy September [plat karakter] | 14 |
| 3.3.9 | Tannie Charlene [plat karakter] | 15 |
| 3.3.10 | Ander plat karakters | 15 |
| 3.3.10.1 | Trisha [Estie se oorlede moeder] | 15 |
| 3.3.10.2 | Meneer Britz [wiskunde-onderwyser] | 15 |
| 3.3.10.3 | Juffrou Lategan [Afrikaansonderwyser] | 15 |
| 3.3.10.4 | Juffrou Patricia Jonkers [die skoolberader] | 15 |
| 3.3.10.5 | Ané | 16 |
| 3.3.10.6 | Byron en Thomas | 16 |
| 4 | DIE ROMAN SE TEMA, SIMBOLE EN MOTIEWE | 16 |
| 5 | VERTELLER | 17 |
| 6 | RUIMTE AGTERGROND EN TYD | 18 |
| 7 | SPANNINGSLYN EN KONFLIK | 21 |
| 7.1 | Kort samevatting van die sake wat die belangrikste gebeure in “BRAND” voorafgaan | 21 |
| 7.2 | Voorbeelde van uiterlike konflik | 22 |
| 7.3 | Motoriese moment | 23 |
| 7.4 | Arian se besoeke aan juffrou Jonkers | 23 |
| 7.5 | Estie, die agtervolger, se innerlike konflik | 24 |
| 7.6 | Verligting van spanning hef Arian en Estie se buitestanderskap op | 26 |
| **B** | **POS-TLEES** | 26 |
| 8 | KORTVRAE EN VOORGESTELDE ANTWOORDE MET OPMERKINGS | 26 |
| 9 | PARAGRAAFTIPE VRAE | 40 |
| 10 | VERRYKINGSAKTIWITEITE | 43 |
| 11 | WOORDVERKLARINGS MET BLADSYVERWYSINGS | 45 |
| 12 | GLOSSARIUM | 47 |
| 13 | GERAADPLEEGDE BRONNE | 50 |

# A PRE-LEES

## 1 “BRAND” AS ROMAN

In die letterkunde word verskillende *soorte* tekste of *genres* (uitgespreek as zjaan’re) onderskei waarvan die bekendste *hoofsoorte* die prosa, die poësie en die drama is. “Brand” is ’n prosateks en word as *roman* beskou.

Die woord/begrip *roman* beteken letterlik ’n boek wat in die volkstaal (Romans) van die oudheid in teenstelling tot Latyn geskryf is. Daar is byvoorbeeld liefdesromans, speurromans, sielkundige romans, en historiese romans. In baie eenvoudige en verstaanbare taal kan ’n roman dus omskryf word as ’n *boek/verhaal van redelike groot omvang (dik; bestaande uit baie bladsye) wat handel oor verkillende karakters wat elkeen sy eie strewe, mikpunt of probleem in die lewe het. Hierdie verskillende eienskappe van die karakters gee meestal aanleiding tot botsing/konflik en spanning wat uiteindelik opgelos word*.

“Brand” is ’n voorbeeld van *tienerfiksie* oftewel ’n jeugroman, aangesien die teikengroep (bedoelde leser) tieners of skoolgaande jongmense is. Die belangrike karakters is nog op skool en staan onder die gesag van hulle ouers. Dink maar aan die hoofkarakter Arian, en Estie, Janco en Maddy. Die woord “fiksie” verwys na ’n werk waarin denkbeeldige plekke en karakters optree. Die roman wat ons hier bestudeer, verwys nie na bekende karakters en plekke in die werklikheid nie, maar plekke en karakters word só geloofwaardig uitgebeeld, dat dit eweneens waar sou kon wees.

Daar word dikwels na ’n fiksionele teks verwys as “’n wêreld in woorde”. Die skool se naam is byvoorbeeld Staatsberg en die dorp se naam word nooit genoem nie! Net so is Arian, Estie en Janco nie figure/karakters wat werklik bestaan nie, maar hulle word so getrou uitgebeeld, dat hulle net sowel sou kon bestaan!

Maak baie seker daarvan dat jy **nie** die begrip “roman” met die *romantiese sy* van liefdesverhoudinge verwar nie! Daar mag sekerlik sprake van romanse in ’n roman wees. Dink maar aan Estie se romantiese drome oor Arian, maar romantiese gevoelens is nié ’n noodwendigheid vir ’n teks om as roman geklassifiseer te word nie.

Fanie Viljoen se taalgebruik in “Brand” is puik. Sy sinsbou is korrek en hy maak baiekeer van Afrikaanse idiome gebruik. Tog is daar baie *slengtaal* tussenin, net soos die huidige tiener Afrikaans praat (vgl. “groeptaal” in die glossarium). Dit dra daartoe by dat die jong leser maklik met die verhaalkarakters asook die gebeure kan identifiseer aangesien dit ’n bekende leefruimte oproep. Sleng (“slang”) verwys na ’n slordige vermening van Afrikaans en Engels. Dit kom dikwels in informele gesprekke (spreektaal) voor en sal byvoorbeeld nie in artikels, koerantberigte, naslaanbronne en ander formele dokumente gebruik word nie. Die volgende woorde in “Brand” kan in hierdie verband genoem word: “cool” “date”, “stalk”, “oukei”, “jeans”, “kopspin” “embarrasing”, “druggie”, “bru” en “stuff” (vergelyk gerus die lys met woordverklarings aan die einde van die leesgids).

## 2 DIE SKRYWER, FANIE VILJOEN

Hendrik Stephanus (Fanie) Viljoen, bekroonde jeugboekskrywer, is op 2 Junie 1970 in Welkom (Vrystaat) gebore. Aanvanklik het hy goeie opstelle geskryf en het nooit gedink dat hy ŉ skrywer van formaat sou word nie. In 1987 matrikuleer hy aan die Hoërskool Goudveld in Welkom, gaan studeer grafiese kuns en behaal in 2002 ŉ BA-graad. Van 1990 tot 2006 werk hy as opleidingskonsultant by SANLAM en sedert 2006 is hy voltydse skrywer.

Fanie woon tans in Bloemfontein en hou van lees, musiek, teken en skilder. Sy kunssinnigheid het hom goed te pas gekom omdat hy al talle van die boeke wat hy geskryf het, self geïllustreer het.

Sy eerste publikasie is ŉ kortverhaal in die tydskrif *Sarie*. As skrywer begin hy hom veral op jeugverhale toespits. Hy skryf in meer as een genre (letterkundige soort), soos kortverhale, gedigte, rympies, dramas en jeugromans. Van sy bekendste jeugromans is: *Breinbliksem*, *Pynstiller*, *Onderwêreld* en *Brand*. Sy radiodrama, *Oupa Rooijan kry ŉ girlfriend! en* die TV-drama, *Môre as ons groot is*, het byvoorbeeld bekendheid as dramas verwerf.

Daar het, soos reeds genoem, talle *verskillende soorte* tekste uit Fanie se pen gevloei, waarvan baie met letterkundige toekennings bekroon is. Aangesien hierdie leesgids oor die jeugroman *Brand* handel, is dit nodig om die ander jeugromans wat met pryse bekroon is, te noem. Vir die volgende jeugromans is Fanie al vir sy skryfwerk bekroon:

| | |
|---|---|
| 1999 | Fanie Viljoen is aangekondig as finalis in *De Kat* en Human & Rousseau se kortverhaalkompetisie. |
| 2005 | *Breinbliksem* word bekroon met die Goue Sanlam-prys vir jeuglektuur. |
| 2006 | *Breinbliksem* word ook bekroon met die MER-prys vir jeuglektuur. |
| 2007 | *Onderwêreld* word bekroon met die Silwer Sanlam-prys vir jeuglektuur. |
| 2009 | *Onderwêreld* word ook bekroon met die ATKV-Kinderboektoekenning. |
| 2019 | *Offers vir die vlieë*, is aangewys as wenner van LAPA-Uitgewers se 2019 jeugromankompetisie. |

## 3 KARAKTERS

ŉ Mens leer ŉ karakter ken op grond van wat hy/sy doen, sê, dink en wat ander karakters van hom/haar sê/dink.

### 3.1 Ronde en plat karakters

In sy boek oor woordkuns tref J.C. Kannemeyer ŉ onderskeid tussen ”ronde” en “plat” karakters. Hy verwys na E.M. Foster wat jare gelede al hierdie onderskeid getref het.

Ronde karakters verteenwoordig nie net ŉ tipe mens nie, maar word in *diepte* uitgebeeld. Die hoofkarakter in ŉ roman is altyd ŉ ronde karakter. Die ronde karakter is komplekser/ingewikkelder as die plat karakter en ontwikkel met verloop van tyd in die verhaal.

Hierteenoor is plat karakters normaalweg dié karakters wat help om die agtergrond van ʼn verhaal te vul. Hoewel hulle agtergrondinligting verskaf, hoef hulle nie altyd heeltemal op die agtergrond te bly nie. As hulle wél na vore tree, word hulle “tipiese” (nie unieke nie) karakters. Hierdie karakters verteenwoordig dikwels eienskappe soos byvoorbeeld die goeie of die slegte/bose. So kan die plat karakter Maddy byvoorbeeld beskou word as ʼn verteenwoordiger (stereotipe) van die *losbandige tienermeisie*. Pa Herman, ʼn plat karakter, verteenwoordig die *onverdraagsame vaderfiguur*. Ouma weer is ʼn plat karakter wat verteenwoordigend van ʼn *matriarg* is. Plat karakters is gewoonlik *staties*, omdat hulle nie ontwikkel of groei nie. Pa Herman en Ouma stereotipeer dus enersyds die onverdraagsame vaderfiguur en die matriargale leier en die meeste wat Pa groei, is om Arian tydens Janco se siekte in die hospitaal “seun” te noem. Die leser kan met reg wonder of dié verandering wel groei is en of dit nie maar ter wille van die “vrede” in die huisgesin was nie.

Arian, en Janco Foster asook Estie Swart is ronde karakters, terwyl al die ander voorbeelde van plat karakters is.

**3.2 Die Foster-gesin**

Die romanverhaal in “Brand” sentreer om die Fostergesin. Die buitestander Arian, is die fokuspunt. Hy kontrasteer hoofsaakklik met sy pa Herman en sy broer Janco. In die geheim *agtervolg* Estie Swart hom, om haar eie buitestanderskap te probeer ontglip. Sy gebruik dus haar agtervolgingstruuk as ontvlugtings- en bevrydingsmiddel.

Vir sommige lesers wil dit voorkom of Arian en Estie ewe sterk uitgebeeld word sodat albei as moontlike hoofkarakter bestempel kan word. ʼn Mens tref nie sommer meer as een hoofkarakter in ʼn roman aan nie; daarom moet ons slegs *een* karakter as die hoofkarakter in hierdie verhaal uitsonder. Hou daarom die volgende aspekte/riglyne in gedagte by die bepaling van wie die hoofkarakter is:

i Die hoofkarakter word nie net uiterlik beskryf nie, maar die leser leer voorts sy/haar innerlike lewe soos sy/haar begeertes en gedagtes (denke) ken.

ii Daar vind gewoonlik groei of *ontwikkeling* by die hoofkarakter plaas. Dit is dus ʼn *dinamiese karakter* wat nie net daar is om ʼn funksie te vervul nie.

iii Die hoofkarakter staan gewoonlik in direkte verband tot die tema (hoofgedagte) van die roman.

iv ʼn Roman se hoofkarakter hou meestal direkte verband met die verhaal se titel en in sommige gevalle die ontwerp op die buiteblad.

## <u>DIE FOSTER-GESIN</u>

(OUMA)

Sy is die familie se matriarg*. Ouma het 'n streng gesig soos dié van juffrou Rottenmeier

HERMAN FOSTER (VADER)

Hy is 'n makelaar en doen min moeite om Arian met sy probleem by te staan

SONET FOSTER (MOEDER)

Sy is 'n ouditeur en bring dikwels saans werk huis toe in haar skootrekenaarsak. Ma het baie simpatie met Arian en wil hê dat hy met sy probleem gehelp moet word.

**KINDERS**

JANCO FOSTER

Janco is in graad 12 en in dieselfde skool as Arian. Hy is 'n presteerder. Janco verskyn baie op die verhoog in die saal om 'n medalje of 'n diploma te ontvang.

ARIAN FOSTER

Arian, 'n buitestanderfiguur, is in graad 11.

LINY FOSTER

Sy is die jongste sussie en presteerder soos haar broer, Janco.

* 'n *Matriarg* is 'n vrou, dikwels 'n ouer vrou, wat 'n magsposisie beklee en optree as die hoof van haar gesin of familielede.

Arian Foster is die hoofkarakter, want "Brand" se tema, die *bevryding wat vuur* bied, stem ooreen met Arian se lewensopvatting. Hierdie stelling klink sekerlik vreemd aangesien vuur eerder *vernietigend* is en nie kan bevry nie. Dié eienaardige stelling pas baie goed by Arian se baie eienaardige, amper *afwykende* persoonlikheid. Tog is dit juis *bevryding* wat hy in *vuur* sien. Slegs die gedagte aan vuur maak hom al opgewonde. Die eerste geleentheid wat hy kry, maak hy een nag vuur in die veld. Alles begin met sy sigaretaansteker. Hy steek die grashalms aan die brand en daarna dikker takke: "'n Vreemde gevoel van genoegdoening beweeg langs sy ruggraat op. Die vlamme dans in sy oë, flikker oor sy lyf. 'n Vrede kom in hom op." (p. 31-32)

Die romantitel "Brand", sluit aan by Arian se onnatuurlike obsessie met vuur. Tesame met die "donker-motief" kom die "vuur-"/brandmotief dwarsdeur die verhaal voor. Hierdie herhalende motiewe is 'n *bindmiddel* wat die skrywer gebruik. Die "brand-/vuurmotief" sluit direk by Arian se onnatuurlike obsessie met vuur aan.

Die buitebladontwerp simboliseer die vuurmotief en roep onmiddellik die hoofkarakter, Arian voor die gees. Die talle opvallende halfgebrande vuurhoutjies met die titel “BRAND” (in hoofletters), heel onder aan die bladsy, dui vuur aan. Die kopbeen met vraagteken suggereer onheil of dood.

Die buiteblad sluit verder aan by een van die belangrikste leidrade oor vuur op p.20 in die roman; iets wat Arian *direk* raak. Die Afrikaansonderwyser het aan die begin van die jaar die skets in sy huiswerkboek opgemerk: Dit was ’n hand wat uit ’n poel vlamme reik asof iemand verdrink of brand. Langsaan was ’n kopbeen met ’n vraagteken tussen die oë. Daar was voorts ’n kis met die woord “loser” op. Op die man se bors was daar ’n draak (onheil of die duiwel) geteken wat hom met sy vuurasem verkool. In die spraakborrel het die volgende woorde gestaan: “*Fade out or bail out*.” Laasgenoemde beteken om stadig dood te gaan of om te onttrek aan ’n plig of die een of ander betrokkenheid van die lewe. Vir Arian was die opsie dus om óf stadig minder te word (dood te gaan) óf om op te hou om by die dinge, of gebeure van die lewe betrokke te wees (om ’n buitestander te wees).

Dit was hiérdie tekening wat Arian se ouers skool toe laat kom het en dít is wat hom by die skoolberader laat beland het. ’n Mens behoort nie daaraan te twyfel nie, dat Arian die sentrale figuur (hoofkarakter) is; die karakter wat die tema en titel betrek.

In “Brand” leer ken ons Arian en vuur as onskeibare “kamerade”. Arian word as piromaan, iemand met ’n sieklike neiging tot brandstigting, leer ken. In dié verband word N.P. van Wyk Louw se gediggie “Piromaan” uit sy bundel “Tristia” van 1975 voor die gees geroep. Dit is *interessant* om daarvan kennis te neem en kortliks daarna te kyk:

Piromaan

die vuur sit in my vingers
in die haartjies op my hand
en dans op elke vingernael
om los te kom, brand
te kan dra en straal te kan word
en óp te klim en áls wat hy
saam kan sleep, wit-goed te maak
tót hy sy eie maat kan vry.

(Louw, N.P. van Wyk, *Tristia*, p. 73)

In hierdie agtreëlige gediggie is ’n eerstepersoonspreker aan die woord wat vertel hoe ’n vuur in sy/haar hand ontstaan en progressief groter en magtiger word. Uiteindelik gee dit tot *bevryding* in reël 8 aanleiding.

Die ontwikkeling of *progressie* begin eers klein, teenaan die spreker se lyf, groei groter en groter, sleur alles uiteindelik mee en beweeg al verder van sy/haar lyf af:
Hoewel dit nou nie gaan oor ’n in diepte en juiste ontleding van hierdie gediggie nie, kan verder opgemerk word dat die “wit-goed” in reël 7 heel moontlik op *as* of brandreste dui, wat die gevolg van ’n vuur/brand is. Dit is ironies dat ’n vernietigende vuur bevrydend is, maar net so onverklaarbaar stem dit ooreen met Arian se vreemde voorliefde vir vuur. Toe hy die vuur in die veld maak, soek hy na die skaduwee daarvan, alhoewel hy weet vuur nie ’n skaduwee het nie. “Dis een van daardie vreemde feite van die natuur, maar tog soek hy na die skadu in sy palm.” (p. 31)

| NABY AAN DIE LYF | MEESLEURENDE KRAG VAN VUUR | VAN NIETIG EN KLEIN TOT IETS GROOT |
|---|---|---|
| ". . . in my vingers/in die haartjies op my hand". (r. 1-2) | Eers "sit" dit (passief) in die "vingers". (r. 1) | vingers, haartjies en vingernael. (r. 1-3) } Nietig<br><br>Straal. (r. 5) } Groot |
| **VERDER VAN DIE LYF AF** | Dan "dans dit op elke vingernael". (aktief, r. 3) | |
| ". . . om los te kom". (r. 4) | "áls" wat kan, word daarmee "saamgesleep". (r. 6-7) | |
| ". . ./ en óp te klim en áls wat hy/saam kan sleep . . .". (r. 6-7) | | |

Onthou asseblief dat daar nie hier beweer word Fanie Viljoen het hierdie gedig doelbewus as uitgangspunt vir sy roman gebruik nie. Die ooreenkomste tussen die twee tekste is heel moontlik *onbewustelik* en *toevallig*, maar dit verryk tóg wel jou leeservaring as jy die raakpunte tussen die gediggie en "Brand" raaksien en in berekening bring.

## 3.3 Die verskillende karakters in die roman

Die hoofkarakter staan gewoonlik as die *protagonis* bekend en soos reeds genoem is, ontwikkel/groei die hoofkarakter. Direk teenoor die protagonis staan die *antagonis*, of sy/haar teenstander. Die verhouding tussen die protagonis en die antagonis veroorsaak konflik. Met Arian as protagonis, staan Janco as antagonis teenoor hom. Kyk maar byvoorbeeld hoe duidelik word die kamer wat hulle deel met maskeerband in die helfte verdeel. Die ander minder belangrike karakters, ook newekarakters genoem, staan as *tritagoniste* bekend.

Om 'n verdere onderskeid te maak (vgl. par. 3.1) is Arian, Janco, en Estie ronde karakters terwyl al die ander plat karakters is.

* *Om dit vir jou gerieflik te maak, word bladsynommers verskaf:*

### 3.3.1 Arian Foster (Hoofkarakter [protagonis; ronde karakter])

| UITERLIKE VOORKOMS | BL. |
|---|---|
| Hy het 'n bleek voorkoms met donkerbruin hare en donkerder oë.<br>Sy foto op sy Facebook-profiel is donker. Sy ken is vierkantig en die wangbene effens hoekig. Hy het donkerbruin hare. Verder het hy 'n uittartende kyk en 'n misterieuse (geheimsinnige) trek om sy mond. | 7<br>22 |
| In vergelyking met Liny en Janco wat sonbruinlywe het, is Arian so bleek soos maanlig. Dit suggereer dat hy 'n "bleeksiel" is. | 72<br>76 |
| Hy het 'n blougrys kolletjie op sy een hand waar Janco hom destyds met 'n potlood gesteek het. 'n Stukkie van die lood het daardie dag nie uitgesweer nie en daar bly sit. | 159<br>160 |

| HANDELINGE EN GEDAGTES (EMOSIES) WAT SY KARAKTER OPENBAAR | BL. |
|---|---|
| Voorkeure en naam: Hy hou van hamburgers met baie sous en krakerige, branderige, skyfies. Hy hou van musiek, maar nie dansmusiek nie, omdat hy nie soos die ander dans nie. Dit maak hom 'n buitestander. | 7 |
| Hy hou baie van Bar Ones. | 57 |
| Sy naam is Arian, sonder die "d", en dit beklemtoon sy buitestanderskap verder. | 8 |
| Sy gunsteling-T-hemp het 'n brandende Mickey Mouse op. | 16 |
| Arian toon soms 'n sin vir humor: | |
| Tydens een van sy beradingsessies maak hy die volgende opmerking teenoor juffrou Jonkers: "Skryf juffrou alles neer wat ek sê?" | 42 |
| Hy is soms sarkasties: Die feit dat hy aanvoel ander aanvaar hom nie en dat hy nêrens inpas nie, laat hom soms sarkasties optree. | |
| Terwyl sy ouma daar kuier en hy die gesprek afluister, sê hy: "Dis so-o-o lekker om Ouma weer te sien. Ouma lyk pragtig." en: "Skies, ek gaan nie saamkuier nie. Ek moet al my sporttrofees en medaljes gaan blink vryf." | 79 |
| Aan tafel toe sy pa hom vra hoe die vordering met die berading verloop, antwoord hy dat hy blokfluit wil leer speel. | 101 |
| Na die ongeluk sê Arian hy wonder waar sy broer nou sy medaljes gaan hang. | 190 |
| Buitestander: Arian is baie gesteld op sy naam sonder die "d" en is byna driftig daaroor teenoor meneer Britz in die wiskundeklas. | 8 |
| Arian vind dit glad nie snaaks as Thomas gekskeer met meneer Britz wat besig is met die dataprojektor nie. | 10 |
| Hoewel Arian Estie se Facebook-vriendskapsversoek gou aanvaar, dink hy dat dit mense kans gee om in jou private lewe te kan kom krap. Hy hou van sy privaatheid. "Mense se koppe raas as hulle dink 'n Facebook-vriendskap is dieselfde as 'n werklike vriendskap." Om dié rede ontvriend hy Estie baie gou daarna. | 38<br>48 |
| Met Janco se ongeluk voel Arian onsimpatiek en onbetrokke oor die saak. Dit is nie sy saak nie. | 186 |
| Hy weier om deel van dié "sirkus" te wees. | 189 |
| Arian het die innerlike vrees dat hy eendag sal wegraak en dat niemand daarvan bewus sal wees nie. Hy voel soos 'n vreemdeling (alien) wat nêrens hoort/inpas nie. | 161 |
| Hy bejammer homself: "Liny. Pappa, Mamma en Ouma se skatte. Niemand gee vir Arian om nie." | 190 |
| In die hospitaal voel Arian hy is "klaar" met Janco. Hy weet hy is slegs daar omdat sy pa hom verplig om daar te wees. | 191 |
| Arian deel nie in die simpatie van die ander gesinslede nie. Hy ken die regte Janco wat hom spot oor sy berading, en omdat hy liggaamlik sterker is, hom te lyf gaan en seermaak. | 189 |
| Hy glo as dit hý was wat beseer is, sou niemand so te kere daaroor gegaan het nie. | |
| Aan juffrou Jonkers erken hy dat niemand hom ken nie. | 42 |
| Swak selfbeeld: Arian loop altyd koponderstebo. | 14,39<br>74 |
| Die eerste dag by die skool toe Arian by Estie verbyloop, gee hy haar 'n "Hallo-ek-sien-jou glimlag". | 164 |
| Arian se kant van die kamer is slordig. Die bed is onopgemaak. | 15 |
| Arian het geen moeite met sy voorkoms die dag van die afspraak gedoen nie, want hy is bang Estie kry idees. Sy T-hemp is gekreukel en sy hare is deurmekaar. | 133 |
| Die dag van die afspraak by die inkopiesentrum wil Arian eintlik nie na Estie se kaal skouers kyk nie. | 151 |
| Vuur fassineer hom: | |
| Een nag toe Arian nie kan slaap nie, gaan hy buitentoe, maak droë hout bymekaar. Hy maak vuur met sy aansteker. Die vuur het 'n besondere uitwerking op sy emosies. "'n Vreemde gevoel van genoegdoening bewe langs sy ruggraat op. Die vlamme dans in sy oë, flikker oor sy lyf. 'n Vrede kom in hom op." | 31<br>32 |
| Arian se geaardheid is om iets te soek wat nie bestaan nie. Hy weet vuur het nie 'n skaduwee nie, maar tog soek hy daarna. | 31 |
| Loeiende sirenes lei hom na 'n brandende huis. Op die toneel kom hy tot heel voor. Sy oë is vasgenael op die mooi vuur met sy mooi vlamme wat krul en lek en knetter. | 66 |
| Hy staan met sy rug teen die muur langs die wiskundeklas en dink aan die vuur wat die huis die vorige middag gebrand het. Vuur *verlig* sy spanning. | 69 |
| Hy dink aan die Asteke se vuurpriesters wat elke 52 jaar 'n kryger se hart uitgehaal het en in die liggaamsholte vuur gemaak het om die heelal se voortbestaan vir die volgende 52 jaar te verseker. As hy sy oë toemaak, vereenselwig hy hom volkome met so 'n kryger. | 70 |

| | |
|---|---|
| By Arian se bedkassie is ’n hangertjie met hondeskyfies aan. Op die hangertjie staan: “Volg jou vuur.” | 134 |
| Op sy rekenaar is ’n speellys getiteld “Donker dinge”. Volgens sy internetsoekgeskiedenis het hy talle webtuistes besoek waar vuur die middelpunt is. Brandweermanne, foto’s van toringgeboue wat brand, ens. (Dit is wat Estie op Arian se rekenaar sien). | 135<br>136 |
| Vir Arian is vuur lewe (en verbind dit weer eens aan die ou Asteke se elke 52 jaar van vernuwing deur middel van vuur). | 209 |
| Nadat hy die huis uit gevlug het en gesien het iemand agtervolg hom tot by die ou huis, gaan sit hy alleen in die veld op die klippe by die boom waar hy die vorige keer los takkies vir sy vuur gekry het. | 112 |
| Hy gooi petrol oor die boom en steek dit aan die brand. Sy bloed het nog nooit so wild deur sy are gepols nie. Dit is asof hy ’n nuwe lewe kry. | 113 |
| ’n Euforiese gevoel vul hom en hy neem foto’s van die brand. | 114 |
| Hy versteek die petrol in ’n Telkom-kas om onskuldig te lyk. | 115 |
| Hy is geheimsinnig/onpeilbaar: Facebook-statusse van hom is: *Daar is twee reëls in die lewe: 1 Moet nooit al die inligting gee nie*, en *swaartekrag suig*. (Hy wil dus lig, vry en ongebonde soos vuur wees).<br>Ander is:<br>*Kopdokter.*<br>*Brand. Vlam. Vuur. Ekke.*<br>*Ondergang. Ondergrond.* | 32-33 |
| Hy probeer juffrou Jonkers manipuleer:<br>Hy hou daarvan om speletjies met juffrou Jonkers te speel. | 43 |
| Nadat hy alleen oor die verhoog in die saal sy verbeelde toekenning later ontvang het, dink hy daaraan dat hy daardie middag in juffrou Jonkers se teenwoordigheid wil huil, omdat kopdokters van emosie hou. Hy wil hê sy moet dink die berading help. | 94 |
| Hy ervaar konflik met Janco:<br>Hy sê openlik vir Janco dat hy hom haat, nadat sy wind deur hom uitgeslaan is en hy beledig is omdat die tas by die skool bly lê het. | 47 |
| Arian put genot daaruit om Janco se Pro Nutro amper alles op te eet terwyl hy saam met sy ouers by ’n swemkampioenskap is. | 49 |
| Hy hou nie daarvan as Janco hom name noem soos “nar” en “loser” nie en het nie genoeg krag om terug te baklei as Janco hom probeer seermaak nie. | 59 |
| Arian verbrand Janco se flip-flops omdat hy liggaamlik te swak is om hom fisiek terug te kry. Daarmee kry hy Janco terug (vir die wurgery.). | 172 |
| In sy gedagtes sien hy hoe Janco en sy swemmaats vol bravade was en moontlik besig was om ’n meisie te beïndruk toe die ongeluk gebeur het. | 188 |
| Hy is soms Aggressief: Op pad huis toe in sy ma se motor is Arian geïrriteerd dat sy ma so aan hom karring om te hoor of hy en juffrou Jonkers vordering maak. Toe sy ma weer verwys na dit wat hy in sy huiswerkboekie geskryf het en sê dat dit abnormaal is, vereg hy hom en eis dat sy moet stilhou dat hy kan uitklim. | 63<br>64 |
| Dit is hierdie woede wat Arian beweeg om die aand met ’n kannetjie petrol na die groot huis in Aalwynstraat toe te gaan om dit aan die brand te steek. | 105 |
| Toe Arian Estie in sy kamer vang en agterkom sy agtervolg hom en dat sy ’n foto van sy selfie by die brandende boom geneem het, slaan hy in koue sweet uit. Hy is woedend, want iemand het nou sy *privaatheid* ingedring. | 136 |
| ’n Dag voor Liny se verjaarsdag toe almal aan die aandetenstafel sit, brand ’n woede in Arian as sy pa hom voor almal verneder om te hoor hoe dit met die berading gaan. Hy erken ruiterlik: “Ek ken my plek, en dis nie hier by julle nie!” | 100 |
| Hy sukkel om tot ander mense deur te dring:<br>Die middag toe Janco Arian vra om sy tas huis toe te dra, sien hy Estie by die skoolhek “rondhang”. Die stem binne hom sê: “groet haar”, maar hy kry dit nie reg nie. | 39 |
| Arian het nie die moed om uit te praat oor die diepste dinge in sy hart nie. In plaas daarvan dat hy met juffrou Jonkers oor sy “vrot” kop praat, praat hy eerder oor die vrot, bouvallige huis in Aalwynstraat. In ’n mate vereenselwig Arian hom met die huis as hy sê die huis is dalk hartseer, omdat dit vol krake is. Mense (en by implikasie hyself) kraak ook. Daarom is kopdokters nodig. | 41<br>42 |
| Nadat Arian Estie in die ou huis alleen gelaat het toe hy gevlug het omdat hy nie kon toelaat dat sy hom soen nie, besef hy weer eens waar hy alleen op die stoep van hulle huis sit, dat hy iemand nodig het, maar nie daartoe in staat is om na ander te kan uitreik nie. Hy soek troos, maar hy weet nie hoe of waar nie. Hy sit op die stoep by hulle huis, sy kop begrawe tussen sy opgetrekte knieë. | 182<br>153 |

| | |
|---|---|
| "Toe hy en Estie mekaar amper vurig omhels in die Chinese winkel, besef Arian dit is die verkeerde ding: "Estie . . . nee, asseblief," Hy wil nog nie betrokke raak nie.<br>Arian vind Estie in die ou huis nadat tannie Charlene haar geklap het. Hy maak verskoning dat hy so ongeskik met haar was toe hy gesê het sy moet hom uitlos. Daarna plaas hy sy hand op haar heup. Hulle kyk mekaar in die oë, maar net voordat Estie hom kon soen, sê hy "Nee." En tree terug. Hy stamp sy vuis teen die muur en skud sy kop. Daarna hardloop hy weg.<br>Hy is ŉ "ek-wil-maar-kan-nie-mens". Hy is baie onseker oor sy verhouding met Estie. Toe hy haar by hulle huis gewaar, versoek hy haar om hom uit te los aangesien hulle ooreenkoms slegs vir een afspraak was.<br>Na Janco se operasie sê iets binne-in hom hy wil ingaan, maar iets anders skop vas. | 177<br>178<br>167<br>193 |
| Eindelik vind Arian baat by juffrou Jonkers se berading:<br>In een van die beradingsessies leer Arian iets belangriks: "Wanneer mense nie vir hulleself wil praat nie, gaan iemand anders dit vir hulle doen". Daarom het sy pa al vir juffrou Jonkers kom sê wat sy vir hom moet sê. Nou weier hy om sy grootste droom bekend te maak. Dít help hom uiteindelik om te sê dat hy eendag van geweet wil wees en dat hy bang is hy raak weg, dat hy ŉ verworpene /vreemde wese (alien) is.<br>Hy besef weer hy het te veel oor homself kwytgeraak en knip die beradingsessie self kort deur die vertrek te verlaat en die deur agter hom toe te slaan.<br>Toe hy Janco besoek, het hy ŉ knop in sy keel om sy broer so te sien. Janco hou sy hand vas en Arian belowe om nuwe flip-flops vir hom te koop<br>In die hospitaaltuin versoen Arian met juffrou Jonkers. Hy vra verskoning omdat hy altyd so moeilik met haar was.<br>Die saak dat jy nie moet toelaat dat iemand anders namens jou praat nie, kom weer ter sprake. Arian vertel hoe ŉ onderwyser eenmaal vir hom gesê het dat daar niks goeds in hom is nie en daar geen hoop vir hom is nie, veral nie in vergelyking met sy broer en suster nie.<br>Juffrou Jonkers omhels hom toe hy begin huil. Arian gooi nie haar arm om sy skouer weg nie, want hy het die troos baie nodig.<br>Juffrou Jonkers gee hom ŉ nuwe etiket en vergelyk dit met die feniks, wat nadat dit uitgebrand het, opnuut opstaan uit die as en voor begin. Hy word aangemoedig om ŉ nuwe identiteit te skep.<br>Arian kom haal Estie by haar huis, lei haar aan haar hand na die ou huis in Aalwynstraat toe om dit aan die brand te steek. | 161<br>162<br>198<br>199<br>200<br>201<br>207 |
| Ware emosie kom tóg los na Janco se ernstige ongeluk:<br>Tog is hy terug by die huis ná die operasie bekommerd oor sy broer. Sy binnestem of gewete sê herhaaldelik: "*Wat as Janco regtig doodgaan*?"<br>ŉ Dag na die operasie by die hospitaal, druk sy ma hom teen haar vas en sê dat sy lief vir hom is. Vroeër het Arian nooit liggaamlike kontak met sy huisgesinslede gemaak nie.<br>Arian verwyder die maskeerband op die vloer wat jare lank al daar geplak is en gooi dit in die asblik.<br>Hy wil meer wees as ander mense se definisies van hom. Hy het besluit om die huis te brand, dat dit ŉ teken sal wees dat hy nuut begin het.<br>Arian stuur die eerste vuurpyl vir Janco op. | 195<br>197<br>205<br>208<br>213 |

### 3.3.2 Janco Foster (Antagonis [ronde karakter])

| UITERLIKE VOORKOMS | BL. |
|---|---|
| Janco het ŉ sterk swemmersbolyf wat meisies se bene lam maak.<br>Arian tipeer hom as *jock*. Dit dui op ŉ seun met 'n tipiese fris, gespierde, atletiese voorkoms. | 145 |
| Hy het blou oë. | 194 |

| HANDELINGE EN GEDAGTES (EMOSIES) WAT SY KARAKTER OPENBAAR | BL. |
|---|---|
| Hy hou daarvan om Arian te karnuffel/af te knou. Toe hy van die swemoefening af kom, het hy byvoorbeeld sy swemsak op Arian se maag gegooi.<br>Hy voer ŉ sielkundige oorlog teen Arian. Hy mishandel hom verbaal. Toe hy Arian terg oor Estie met die liedjie wat hy gesing het, buig hy sy lyf na sy knieë, vryf sy hare deurmekaar en wurg hom aan sy keel. Toe los hy hom en gooi hom neer. | 16<br>170 |

| | |
|---|---|
| Een middag voor swemoefening het Janco sy tas oor Arian se oop skouer gegooi sodat hy dit moes huis toe dra. | 38<br>39 |
| Toe Arian nie Janco se tas huis toe gedra het nie, slaan hy sy wind uit en noem hom ŉ "loser"<br>Hy praat neerhalend met Janco: "Gaan haal my tas, jou idioot."<br>Hy is verder vermakerig/sarkasties teenoor Arian as hy hom vra hoe mal hy nou al is. "Jy geniet jou berading seker moerse." | 45<br>46<br>120 |
| Janco en Liny sit dikwels in haar kamer en gesels oor dinge waarin Arian glad nie belangstel nie; Meestal sport. | 82 |
| Janco geniet dit vreeslik aan tafel waar sy pa ŉ gek van Arian maak. "Janco kry lekker." | 100 |
| Janco is van plan om die volgende jaar aan die PUK te gaan studeer. | 99 |
| Terwyl Estie in Arian-hulle se sitkamer sit, fluister hy en Liny in die kombuis saggies oor haar. Janco sê hy het gedink Arian is te treurig om ŉ meisie te kry en hy glo sy is sekerlik net so mal soos hy. Volgens Janco sal Estie en Arian se kinders, sou hulle dalk eendag tot trou kom, bleeksiek emobabas wees.<br>Janco wil nie hê hulle moet haar alleen in die sitkamer los nie, want sy steel dalk iets. | 166<br><br>167 |
| Janco terg Arian met die Kurt Darren-liedjie nadat Estie vir hom kom kuier het: "Meisie, meisie, prinses van die dansvloer."<br>Hy wil weet hoe Estie vry en stel selfs voor om haar vir ŉ toetsrit te neem. | 169<br><br>170 |
| In sy hospitaalbed, nadat hy weet hy is verlam, reik Janco sy hand na Arian uit en sy oë kyk intens na hom. | 198 |

### 3.3.3 Estie Swart (ronde karakter)

| UITERLIKE VOORKOMS | BL. |
|---|---|
| Haar oë is groen. Sy het steil, skouerlengte bruin hare met strepies goud in. Haar vel het ŉ koffiekleur met te veel melk in. | 11 |

| HANDELINGE EN GEDAGTES (EMOSIES) WAT HAAR KARAKTER OPENBAAR | BL. |
|---|---|
| <u>Buitestanderfiguur:</u><br>Soos Arian is Estie ŉ buitestanderfiguur.<br>Sy woon nooit die skool se verpligte sportbyeenkomste by nie.<br>Vir Estie is Arian "weird" (ŉ vreemde ou) terwyl hy haar op sy beurt ook as "weird" vreemd beskou.<br>Estie glo mense hoef nie alles van haar te weet nie en sê dit vir tannie Charlene.<br>Estie voel altyd uitgesluit en het min kontak met maats. Daarom het sy virtuele vriende. Pouses sit sy alleen by die gimsaal en rook en hou haar met Instagram en Facebook besig.<br>Sy probeer altyd meer vriende maak sodat sy toegang tot hulle profiele kan hê. Dit is as't ware haar tydverdryf om ander seuns se privaat lewe oop te vlek. Tannie Charlene sien op haar selfoon dat sy tweeduisend negehonderd en twaalf vriende het.<br>As jong meisie het sy balletles geneem, totdat die onderwyseres ŉ lelike opmerking oor haar swak ritmiese aanvoeling gemaak het en dit vir iemand anders by die balletskool genoem het. Estie het die lesse toe laat staak omdat sy onwelkom daar gevoel het.<br>Sy neem baie skelm foto's van Arian, eweneens van ander ouens. Dit is haar manier om haar hartseer te verwek oor haar ma se dood.<br>Een pouse toe Arian op Estie se plek sit en rook, neem sy ŉ skelm foto van hom.<br>Estie is baie eensaam en verlang na haar ma. Telkens as die verlange opduik, skakel sy haar ma se selnommer om haar groetboodskap te hoor: "'Hallo, dis Trisha. Ek is heel moontlik beskikbaar, maar ek soek seker nog my foon. Los asseblief ŉ boodskap en ek bel jou terug sodra ek dit kry.'"<br>Sy voel in die pad as haar pa tannie Charlene vir ontbyt wil uitneem. Sy voel skoon naar as sy sien wanner haar pa haar hand vashou. Dit pla haar dat Arian haar nou ook weer uitsluit en haar op Facebook ontvriend het.<br><br>Estie sit baie graag met haar bene onder haar ingevou (kruisbeen). | 14<br><br>14<br><br>117<br>12<br><br>25<br><br>80<br><br>43<br>75<br>123<br><br>81<br><br>52<br>48 |

| | |
|---|---|
| Sy is lief daarvoor om haar oë te rol as sy nie van iets hou nie, soos toe haar pa haar vra om haar kamer op te ruim. | 12,26<br>48,61<br>80,95 |
| Dit maak haar baie seer pouses as die matriekseuns haar spot en sê sy sit alleen en miere dooddruk. Hierdie spottery gee ook tot ŉ swak selfbeeld aanleiding. Sy laat dan altyd haar kop sak en probeer haar lyf klein maak om verby hulle te kom. | 11 |
| <u>Konflik met tannie Charlene:</u><br>Nadat tannie Charlene haar uitgevang het dat sy rook en Estie ongekik daarop gereageer het, word sy geklap. Daarna het sy na die ou vervalle huis in Aalwynstraat toe gevlug.<br>In haar gedagtes skel sy tannie Charlene as hond en flerrie en besluit om haar pa van die insident te vertel.<br>Estie hou nie van die idee dat tannie Charlene haar pa se vriendin is nie. Sy sal nooit haar ma se skoene kan vol staan nie. Sy wonder altyd wat haar pa in haar sien.<br>Estie hou glad nie van die idee dat tannie Charlene haar selfoon uit haar besit neem (uit haar hand gryp) om te kyk wat sy daarop doen nie aangesien dit privaat is. | 174<br>175<br>23<br>24,25 |
| <u>Estie agtervolg Arian</u>:<br>Die nag toe Arian met die kannetjie petrol na die ou huis toe gegaan het, het Estie hom agtervolg. Toe tannie Charlene wil weet waar sy was, antwoord sy ontwykend dat sy besig was, want "mense hoef nie alles" van haar te weet nie.<br>Toe Estie Arian die middag tot by sy huis agtervolg en agterkom dat hy in dieselfde buurt net ŉ paar strate van haar af woon, besef sy waarom sy hom so agtervolg: "dit help haar om uit haar wêreld te ontsnap as sy vir Arian in syne sien."<br>Die aand van Liny se verjaarsdag voer Estie haar vervolgingspeletjie die verste tot dusver. Haar binnestem of gedagtes moedig haar heeltyd aan om nader aan die huis te beweeg.<br>Estie gaan lê tot op Arian se bed.<br>Op sy rekenaar vind sy die foto van die brandende boom en daarby ander foto's van vure.<br>Sy het voorts ŉ foto van sy selfie by die brandende boom geneem.<br>Sy erken nou aan Arian dat sy die aand gesien het hoe hy met ŉ petrolkan na die huis in Aalwynstraat toe gesluip het.<br>Toe Arian ŉ Bar One-papiertjie op die stoep laat val, raap Estie dit op vir haar Arian-muur in haar kamer.<br>Een van die foto's wat sy uitdruk, plaas sy in 'n ou raam en plaas dit op haar bedkassie.<br>Teen die muur bo die bedkassie plak sy die foto's van *V for Vendatta* en die ander strokiesboeke, soos *Chicago Fire* (TV-reeks) se omslag wat sy uitgedruk het.<br>Sy plak die *Bar One*-papiertjie met wondergom teen haar kamermuur vas by die ander foto's.<br>Nadat sy Arian tot by sy huis agtervolg het, gaan koop sy drie *Bar Ones* by die plaaslike winkelsentrum en gee voor haar oë blink so as gevolg van ŉ kêrel. | 117<br>74<br>132<br>134<br>136<br>139<br>58<br>53<br>61<br>75 |
| <u>Estie het ŉ sagte geaardheid en toon maklik simpatie</u>:<br>In die Chinese winkel kry Estie Arian innig jammer en besef hy is een wat nêrens inpas nie; soos sy ook maar. Sy koop vir hom vuurwerke as geskenk. Sy steek haar hand in syne en soen sy vingers.<br>Na sy verskoning aan Estie terwyl hulle in die ou, vervalle huis was, het Estie Arian innig jammer gekry. Hulle was amper in ŉ omhelsing. Amper het hulle mekaar gesoen, maar Arian tree weer agteruit en weier die toenadering.<br>Sy omarm Arian net voor die vuurwerke afgevuur word. | 153<br>177<br>178<br>213 |
| <u>Estie het ŉ trotse geaardheid</u>:<br>Na die geskinder oor Estie in Arian-hulle se kombuis, kom haar *trots* sterk na vore waar sy uit haar eie sê dat sy self sal loop en nie van plan is om iets te steel óf ŉ "druggie" is nie. | 167 |
| <u>Estie se karakter het ontwikkel</u>:<br>Haar innerlike konflik is opgelos toe haar pa haar meedeel hy en tannie Charlene is uit mekaar.<br>Sy was so oorweldig van blydskap toe sy opmerk hy dra weer sy trouring.<br>Terwyl Arian weg is om die vuurwerke te gaan haal, het Estie besluit om alles wat sy verbrou het, reg te maak. Sy hou op rook. Gou verwyder sy alle vriende op Facebook en Instagram wat sy van | 202<br>212 |

| | |
|---|---|
| geen kant af ken nie. Haar pa het haar tog geleer dat ŉ mens moet weet wanneer om ŉ deur oop en hou en wanneer om dit toe te maak.<br>Sy neem haar voor om tuis alle foto's van Arian van die muur af te haal. Sy wil niks in die geheim (agter Arian se rug) doen nie. | |

### 3.3.4 Sonet Foster (Arian se moeder [plat karakter])

| UITERLIKE VOORKOMS | BL. |
|---|---|
| Sy het kort blonde hare. Daar is fyn kommerplooie om haar oë en tussen haar wenkbroue. | **17** |

| HANDELINGE EN GEDAGTES (EMOSIES) WAT HAAR KARAKTER OPENBAAR | BL. |
|---|---|
| Sy is ŉ ouditeur en sit heeldag en werk met syfers en belastingrekeninge. Saans bring sy in haar skootrekenaarsak werk huis toe. | 17 |
| Sy doen moeite om Arian goed te laat voel, bv. deur te vra hoe sy skooldag was en wanneer hy weer vir juffrou Jonkers moet sien. | 19 |
| Sy verdedig Arian graag.<br>Sy beskuldig Herman dat hy die ander twee kinders voortrek en sê hy mag nie aan Arian slaan nie.<br>Met Ouma se besoek, verdedig sy hom met: "'Arian is maar net anders as ons,' sê sy ma. 'Ons verstaan hom nie en hy verstaan ons nie. Dis hoekom ons gedink het die skoolberader sou hom help.'" | 21<br><br>78 |
| "Herman, asseblief," skerm sy ma. Met aandete toe Herman Arian so voor al die gesinslede verneder het, het sy ma vir hom geskerm. | 100 |
| Toe Arian en sy pa asook Liny weer by die hospitaal kom, slaan sy haar arms om Arian se skouers. Hulle het lank so gestaan dat Arian haar liggaamshitte kon voel. | 197 |

### 3.3.5 Liny Foster (plat karakter)

| UITERLIKE VOORKOMS | BL. |
|---|---|
| Haar blonde hare (soos haar ma s'n) blink en is netjies gesny. Haar vel lyk soos dié van modelle s'n wat in tydskrifte te sien is. | 17<br>165 |
| **HANDELINGE WAT HAAR KARAKTER OPENBAAR** | **BL.** |
| Liny en Janco het Arian dikwels agter sy rug bespreek. Dit is asof hulle ŉ geheime verstandhouding oor Arian se menswees gehad het, wat hom dikwels uitgesluit laat voel het.<br>Tog tree sy vir Arian in die bresse. Terwyl Janco Estie beskinder het toe sy in die sitkamer vir water sit en wag, sê Janco Estie is so mal soos Arian. Liny het Janco se bewering dadelik probeer ontken met: "Ag nee, Janco man,". | 166 |

### 3.3.6 Herman Foster (Arian se pa [plat karakter])

Herman is Sonet se man en Arian en Janco se pa. Sy uiterlike voorkoms word nie in die roman uitgebeeld nie.

| HANDELINGE EN GEDAGTES (EMOSIES) WAT SY KARAKTER OPENBAAR | BL. |
|---|---|
| Hy is ŉ makelaar en het min tyd om Arian te help vervoer skoolberader toe. | 19 |
| Hy glo Arian het ŉ pak slae nodig en dat berading hom nie sal help nie.<br>Volgens hom sal ŉ kind hom nie "rondneuk" nie. Hy sê self dat daar iets met Arian verkeerd is.<br>Hy verwys na Arian as flentergat.<br>Sonet beskuldig hom daarvan dat hy Janco en Arian voortrek; iets wat hy natuurlik ontken. | 20<br>21 |

| | |
|---|---|
| Hy konfronteer Arian aan tafel tydens aandete oor die vordering wat hy en juffrou Jonkers met die berading gemaak het. Dít doen hy eers nadat hy Janco belangstellend uitgevra het na sy swem en sy bestuurslisensie.<br>Hy is ferm en byna ongevoelig en ongeskik teenoor Arian veral omdat dit voor al die gesinslede is.<br>Hy wil Arian dwing om te praat: ”Arian, antwoord my!”<br>As hy kwaad word, tree hy gewelddadig op: Hy slaan met sy vuis op die tafel dat die messegoed rinkel.<br>Toe Arian sê hy voel nie tuis by die gesin nie, sê sy pa: “Daar is die deur! Loop as jy wil loop.” | 98<br>99<br>100<br>102 |
| Hy wys Arian daarop dat hy nie sy “streke” in die hospitaal voor Janco se siekbed moet uithaal nie. | 190 |
| Na Janco se operasie noem Herman Arian “seun” en sê hy dink hy moet liewer ingaan om Janco te besoek. | 193 |
| Na Janco se operasie is dit asof hy meer menslik teenoor Arian is. Hy noem hom “seun” as hy glo hy dink dit is beter as Arian na Janco se bed toe gaan. | 193 |

### 3.3.7 Ouma (plat karakter)

| UITERLIKE VOORKOMS | BL. |
|---|---|
| Sy is altyd netjies aangetrek en baie bewus van haar uiterlike. Elke haar is presies op sy plek. Sy loop met haar neus effens in die lug en sy druk haar handsak styf onder haar arm vas. | 77 |
| Die aand met die braaivleisgeleentheid by Arian-hulle se huis is haar hare perfek gedoen en haar grimering is stylvol. Sy dra ŉ wit langbroek en ŉ geblomde boetiekbloes. | 171 |

| HANDELINGE EN GEDAGTES (EMOSIES) WAT HAAR KARAKTER OPENBAAR | BL. |
|---|---|
| Sy is die familie se matriarg en Arian assosieer haar met juffrou Rottenmeier; streng en onverbiddelik. | 19 |
| Op besoek aan Arian-hulle, sê sy vir Herman dat Arian ŉ klad op die familienaam is en dat hulle iets aan hom moet doen. | 78 |
| Die aand met die braaivleisgeleentheid by Arian-hulle se huis, bring Ouma haar eie wyn saam omdat sy nie van die “gewone gemors” hou wat die ander drink nie. Sy is vóór die ander gaste reeds daar. | 171 |

### 3.3.8 Maddy September (plat karakter)

| UITERLIKE VOORKOMS | BL. |
|---|---|
| Sy het swart hare, diepbruin oë en ŉ karameltoffiekleur vel. | 57 |
| Toe Maddy Estie by haar huis kom besoek, het sy ŉ ekstra kort kortbroek met ŉ los toppie aan.<br>Haar hare was in ŉ poniestert vasgemaak en volgens Estie was sy nogal smaakvol gegrimeer. | 126 |
| Maddy het ŉ “vat-my-of-los-my-houding”. | 57 |

| HANDELINGE EN GEDAGTES (EMOSIES) WAT HAAR KARAKTER OPENBAAR | BL. |
|---|---|
| Sy het Engels saam met Estie. Sy is gewild en het ŉ reputasie onder die skoolseuns.<br>Sy loop met ŉ effense swaai in die heupe.<br>Een middag na skool sien Estie hoe Maddy haar arms om Byron, wat saam met Arian in die wiskundeklas is, se nek sit en hom soen. | 57<br><br>72 |
| Op die speelgrond benader sy Estie een pouse en rook saam met haar. Sy maak haar lang hare los en laat dit oor haar skouers val asof sy geen sorge het nie.<br>Maddy maak ŉ vriendskapsvoorstel, maar Estie is baie versigtig en té sku om dit aan te neem. | 67<br><br>68 |
| Maddy kritiseer een van Estie se toppies, want dit wys volgens haar nog te min lyf.<br>Estie stem in dat Maddy en sy in die voortuin kan gaan rook aangesien tannie Charlene nie daarvan mag weet nie. | 127<br>129 |
| Oor die liefde is Maddy maar baie oppervlakkig. Toe sy agterkom dat daar fout tussen Estie en Arian is, sê sy vir Estie dat dit maar is hoe die liefde werk. Nie almal wat jy agtervolg (“stalk”) gaan van jou hou nie.<br>Aan die ander kant word haar en Estie se verhouding al hoe hegter (intiemer) aangesien sy haar “Es” begin noem en haar verseker dat daar tóg eendag iemand sal wees wat in Estie sal belangstel. | 169 |
| By die skool sê Maddy dat Estie moet uitvind wat Arian se belangstellings is en dit as aanknopingspunt moet gebruik om toegang tot hom te probeer kry. | 185 |

### 3.3.9 Tannie Charlene (plat karakter)

| UITERLIKE VOORKOMS | BL. |
|---|---|
| Sy het lang gekleurde hare met rooi, karamel en bruin strepe in. Haar lippe is altyd dieprooi. Sy gebruik duur gesigrome om haar ouderdom (die plooie) te probeer wegsteek en haar klere sit altyd te styf; dit is tienerklere wat nié by haar jare pas nie. Sy het gemanikuurde naels. | 23 |

| HANDELINGE EN GEDAGTES (EMOSIES) WAT HAAR KARAKTER OPENBAAR | BL. |
|---|---|
| Sy is 'n haarkapster. Tannie Charlene is Estie se pa se vriendin en woon by hom. Dié twee het sedert die vorige Kersfees 'n verhouding Estie se pa het vir haar 'n selfoon present gegee. Sy het die toepassing *Spotify* leer ken en luister graag na Queen se musiek. Die leser leer haar vir die eerste keer ken wanneer sy saam met Queen: "I want to break free", sing. Dít toon aan dat sy haar veel jonger as wat sy is, probeer voordoen. Sy speel kastig ma vir Estie en maak inbreuk op haar privaatheid. Sy gryp Estie se selfoon by haar en sien sy het tweeduisend negehonderd en twaalf vriende op Facebook. | 22<br><br><br><br><br><br>25 |
| Sy noem Estie se pa, Bokkie. | 58 |
| Toe Estie depressief in haar kamer lê nadat sy geklap is, probeer tannie Charlene toenadering soek met kos en pynpille. | 180 |
| Estie se pa en tannie Charlene maak rusie nadat Estie hom vertel dat sy haar geklap het. | 180 |
| | |

### 3.3.10 Ander plat karakters

#### 3.3.10.1 Trisha (Estie se oorlede moeder)

Sy is reeds byna twee jaar gelede oorlede. As jong meisie het sy bruin hare, 'n roomkleurige vel en vol lippe gehad. (p. 35) Trisha was vriendelik en 'n liefdevolle ma vir Estie en eggenote vir haar man.

#### 3.3.10.2 Meneer Britz (die wiskunde-onderwyser)

Hy is begaan daaroor dat die leerders sy lesse volg. Hy wil byvoorbeeld weet of Arian "met die klas is" — dus of hy die les volg. (p. 8). Dié meneer is nog glad nie tegnologies ingestel nie, hoewel hy tog van 'n dataprojektor gebruik maak om sy Powepoint-les aan te bied. Hy is geheel en al verward en verlore wanneer Thomas die les met die hulp van sy selfoon omvergooi (p. 9-10).

#### 3.3.10.3 Juffrou Lategan (Afrikaansonderwyser)

#### 3.3.10.4 Juffrou Patricia Jonkers (die berader)

Juffrou Jonkers het bruin oë en swart krulhare. Sy is lief daarvoor om 'n geblomde kopband te dra. (p. 41) Wanneer sy inligting uit Arian wil trek, lig sy gewoonlik haar wenkbroue. (p. 138) Dit is opvallend dat sy deurgaans vertroue inboesem as sy Arian uitvra; daarom sê sy dat hy moet onthou alles is vertroulik. (p. 93) Sy toon altyd respek teenoor hom, byvoorbeeld soos die keer toe sy opstaan toe Arian by haar kantoordeur instap. (p. 92)

### 3.3.10.5 Ané

ʼn slim, ongewilde leerder wat altyd op die voorgrond wil wees en by die onderwysers witvoetjie soek. Ons lees van haar in juffrou Lategan se Afrikaansperiode toe Maddy haar met antwoorde en opmerkings voorspring en effens *hap.* (p. 121-122)

### 3.10.6 Byron en Thomas

Die leerlinge wat saam met Arian in die wiskundeklas is.

## 4 DIE ROMAN SE TEMA, SIMBOLE EN MOTIEWE

Die tema van ʼn roman (verhaal) verwys na die *sentrale gedagte* of *idee* wat deurgaans daarin na vore kom, hoofsaaklik uitgebeeld deur beskrywings en die optrede (handelinge) asook die gedagtes van die karakters. Die tema van "Brand" kom neer op die bevrydende uitwekring wat vuur het. Al is vuur vernietigend van aard, het dit voorts ook vernuwingsmoontlikhede soos die feniks wat uit die as herrys.

ʼn Simbool is ʼn saak/voorwerp/ding wat indirek na iets anders verwys. Sommige mense bring simboliek in verband met ʼn metafoor. Baie simbole in die letterkunde is tradisioneel of universeel, byvoorbeeld die verwysing na die dood as ʼn ewige "slaap" en die herfsseisoen wat dikwels op ouderdom dui.

Simbole kan kultureel van oorsprong wees, soos in "Brand" waar vuur binne die konteks van die ou Asteke se geloof, ʼn simbool van onsterflikheid is. Enige skrywer kan sy/haar eie simbole binne die konteks van ʼn verhaal/roman skep en ontwikkel. Iets wat normaalweg dus altyd letterlik verstaan word, groei dan in só ʼn geval in ʼn bepaalde teks/verhaal tot ʼn simbool en verwys na iets dieper of méér as slegs die letterlike, alledaagse of gewone (verwagte) betekenis.

In "Brand" kan die volgende simbole raakgelees word:
<u>Die feniks</u> (p. 201), ook bekend as "vuurvoël", is ʼn pragtige voël wat ná sy *vuurselfdood* van drie dae, op die derde dag uit die as herrys het. Dit is ʼn simbool van herlewing.
<u>Vuur</u> word met suiwering, lewegewende krag en verandering (transformasie) geassosieer. Net voordat Arian die kannetjie petrol oopdraai om die huis aan die brand te steek, sê hy vir Estie: "Vuur is lewe. Dit kan wees wat dit wil wees." (p. 209) Vervolgens sê hy vir haar: "Sien jy, Estie? Nuwe vuur. Nuwe lewe." (p. 209) Die finale vuur sou sy lewe verander (transformeer) omdat hy daarná vir homself sou kon dink, praat en handel en wel nie meer ʼn *bleeksiel* of *buitestander* sou wees nie.
<u>Modder</u> is simbool van vrugbaarheid, groei en nuwe lewe. Arian het donkerbruin hare soos diep modder. Sy oë is selfs donkerder en word vergelyk met nog dieper modder. (p. 7) Toe Arian en Estie vir ʼn afspraak gaan, het hy nie juis moeite met sy voorkoms gedoen nie. Sy tekkies het nog moddervlekke aan (p. 151) gehad. Modder in hierdie gevalle suggereer dat daar groei en verandering in sy lewe moontlik is; iets wat wél gebeur het.

Wit is nie net ŉ kleur nie, maar kan verder op suiwerheid (reinheid) en hoop dui. Toe juffrou Jonkers Arian probeer oortuig om oor sy grootse droom te praat, het sy ŉ *nuwe bladsy* voor haar, waarop sy aantekeninge wou maak. "Die son wat deur die venster skyn, vang die hoek van die *wit vel papier*." (p. 160) Hierdie insident voorspel die latere ommekeer in Arian se lewe waar hy "voor" met sy lewe begin. Die bekende idioom om ŉ "nuwe blaadjie om te slaan", word hierdeur geïmpliseer. Die bladsy is ongetwyfeld *wit* en dié idioom beteken om ŉ "beter" begin te maak.

Donker

Donker dui nie noodwendig op onheil nie, maar eerder op die oerchaos of die bron van tweeledigheid (tweespalt/verdeeldheid) in iemand se bestaan. Daar is deurgaans twee kante in Arian se bestaan: Aan die een kant wíl hy, maar aan die ander kant kán hy nie.

Twee keer in die verhaal probeer Arian hom teen Janco se afknouery beskerm, maar sy terugbaklei is elke keer ŉ mislukking omdat hy nie kan nie. In die hospitaal is daar iets in hom wat hom by Janco wil laat ingaan, maar iets anders skop vas. (p. 193)

Net voor Arian die vuurpyle wil aansteek, huiwer hy: "Hy wil dit aansteek, maar hy wil ook nie." (p. 215)

ŉ Motief kan ŉ *woord* of *frase* wees wat herhaaldelik in ŉ teks (verhaal) voorkom. Daar word daarna as *terugkerende motiewe* gepraat. Dikwels het hierdie motiewe ŉ simboliese funksie/betekenis, maar in hierdie jeugroman het dit eerder ŉ *bindingsfunksie*. Die herhaalde motiewe skep *eenheid* in die teks, net soos jou onderwyser van jou verwag om opstelle te kan skryf wat altyd ŉ *hegte eenheid* moet hê!

Die belangrikste terugkerende motiewe in "Brand" is: Brand, vuur, bleek en donker. Die bleek-motief word dikwels met die hoofkarakter geassosieer. As buitestander is Arian ŉ voorbeeld van ŉ tipiese "bleeksiel". ŉ Bleeksiel word gedefinieer as ŉ oninteressante, swak persoon; presies dit wat Arian *aanvanklik* was.

Bladsyverwysings van terugkerende motiewe

| **BRAND** | **BL** |
|---|---|
| | 33; 65; 71; 86; 100; 103; 106; 107; 130; 135; 137; 160; 172; 174; 176; 192; 201; 220 |
| **VUUR** | **BL** |
| | 20; 30; 31; 37; 50; 51; 66; 70; 86; 103; 112; 113; 114; 115; 116; 130; 134; 135; 136; 153; 156; 164; 167; 172; 207; 209; 210; 214; 215; 222 |
| **BLEEK** | **BL.** |
| | 7; 72; 189; 194; 208 |
| **DONKER** | **BL.** |
| | 7; 14; 22; 26; 30; 52; 61; 105; 108; 109; 110; 112; 113; 115: 116; 135; 151; 185; 170; 184; 191; 193; 197 |

## 5 VERTELLER

Die verteller wat in dié roman optree is ŉ derderpersoonverteller. Die verteller is *alomteenwoordig*, dit wil sê hy/sy (die verteller) ken álle karakters se optredes, gevoelens en gedagtes. Wanneer daar in die derde persoon vertel word, is die volgende voornaamwoorde belangrik: hy/sy/dit en hulle.

In gevalle waar die verteller op ŉ karakter se gedagtes *fokus*, lyk dit amper of daardie karakter self aan die woord is, maar dit is nie waar nie. Kyk maar na die heel begin waar die verteller Arian se direkte woorde in sy graad 8-regsiterklas, waar hy homself aan die klasmaats voorstel, aanhaal. Hierdie besondere tegniek help om die karakter geloofwaardiger aan die leser te openbaar: "Ek like hamburgers met tonne sous wat oor jou vingers drup as jy dit eet. En krakerige chips met vuurwarm chilli. Ek hou ook van musiek. Nie die soort wat julle like nie, want julle luister seker na goed waarop ŉ mens kan dans. Ek dans nie. O ja, ek moes seker eerste my naam gesê het. Dis ... um ... Arian. Soos Adrian, maar sonder die 'd'." (p. 7)

Arian se minderwaardigheidsgevoel kom duidelik in sy gedagtes na vore soos die verteller dit in die volgende uitbeeld:

| | |
|---|---|
| i) | "Janco voel seker beter as hy ander mense kan slegsê of seermaak. Die onnies en kinders by die skool ken nie hierdie kant van hom nie, maar Arian ken dit." (p. 17-18) |
| ii) | "Dis seker hoe hulle hom deesdae sien: Janco en Liny is die supersterre, hy die malle." (p. 20) |
| iii) | "Arian gooi die leë melkbottel *mis* in die asblik toe hy die Saterdag alleen by die huis is en dink: "Hoe dan anders?" (p. 50) |
| iv) | "Arian glo hy is glad nie boyfriendmateriaal nie." (p. 146) |

Arian se intense belewing van die aangrypende vuur en vlamme laat die leser besef hoe dit hom betower:

| | |
|---|---|
| | Die verteller beskryf nie slegs hoe die huis band nie, maar laat die leser deur Arian se gedagtes agter kom hoe intens/aangrypend hy vuur beleef: "Die mooi vuur met sy mooi vlamme wat krul en lek en knetter." (p. 66) |

Kyk hoe treffend kla Arian se gewete hom in die volgende deel aan:

| | |
|---|---|
| | "*Wat maak jy met die petrol, boetie?* "<br>*"Um, niks, oom."*<br>*"Lieg jy?"*<br>*"Nooit, oom. Nooit, oom.*" (p. 107) |

Estie se gedagtes word geloofwaardig deur die verteller vir die leerder voorgehou:

| | |
|---|---|
| | "Almal doen mos Facebook stalking, sê sy vir haarself." (p. 13) |

Jy moet onthou dat die karakters se gedagtes altyd gekursiveer (in ŉ kursiewe lettertipe aangedui) word!

# 6 RUIMTE, AGTERGROND EN TYD

## 6.1 Ruimte

Alle verhale speel altyd binne ŉ sekere ruimte, in ŉ bepaalde tydperk asook teen ŉ agtergrond af. Hierdie roman speel in ŉ fiktiewe (verbeelde) ruimte af aangesien geen bekende pleknaam ooit ter sprake kom nie. Arian is in Hoërskool Staatsberg, eweneens ŉ onbekende skool aan die jong leser. Dit doen egter nie afbreuk aan die verhaal en die geloofwaardigheid van die karakters nie, want alles wat hier plaasvind, word só realisties uitgebeeld dat dit net sowel werklik kon gebeur het.

Die volgende plekke kom in die roman ter sprake: Hoërskool Staatsberg se terrein (Estie se rookplek op die trap, die vierkant en meneer Britz se klaskamer), Arian en Janco se slaapkamer, asook hulle eetkamer en sitkamer. Estie se kamer, die ou vervalle huis in Aalwynstraat, die hospitaal en die veld waar Arian aanvanklik gras, asook ŉ boom aan die brand steek.

### 6.1.1 Die ou huis in Aalwynstraat

| | **BL.** |
|---|---|
| Die ou rooidak dubbelverdiepinghuis staan al byna twee jaar lank leeg. Die mure se verf dop af en daar is diep krake tussen die bakstene. Onder die dak is voëlneste. Die geute is deurgeroes en deur blare verstop. Die tuin is uiters verwaarloos en volgens Arian is dit ŉ “ramp”. | 40<br>41<br>85 |
| Daar is al lank sprake dat die huis gesloop gaan word. | 85 |
| In die sementpaadjies en die plaveisel is daar krake. | 86 |
| Die straatlig voor die huis werk nie. | 105 |
| Binne ruik dit na verrotting, muis- en rotmis. | 106 |
| Die vuurherd is nog sigbaar in die sitkamer en in die eetkamer staan twee verwaarloosde stoele. | 106 |
| Die boonste badkamer het gebreekte teëls en ŉ dowwe spieël. (p. 108) In een van die kamers staan ŉ vergete hobbelperd. (p. 108) | 108 |
| In die portaal is gebrandskilderde vensters. Daar is sestien trappe wat na die boonste verdieping toe lei. In die hoofslaapkamer lê ŉ gedaan matras. | 164 |

### 6.1.2 Arian en Janco se slaapkamer

| | **BL.** |
|---|---|
| Die kamer is met behulp van maskeerband in twee dele verdeel. Arian se deel is by die venster met die stukkende diefwering. Die metaalpennetjies het mettertyd afgebreek. Hy het sy pa nog nie daarvan gesê nie, want dit pas hom om daar uit te klim. Janco se deel is teen die muur waarteen hy al sy sertifikate ophang. Janco se bedkassie is netjies met ŉ wekker op. Aan sy kant is talle sporttydskrifte en biografieë van sportpersoonlikhede. | 18<br>29<br><br>133 |
| Arian se bed is meestal onopgemaak Sy strokiesprentboeke is slordig by die rekenaar opgestapel. Langs Arian se bed lê ŉ hangertjie met hondeplaatjies aan en op die hangertjie staan: “Volg jou vuur.” | 133<br>134 |

### 6.1.3 Estie se slaapkamer

| | **BL.** |
|---|---|
| Haar kamer is dikwels deurmekaar. Die bed is onopgemaak en bondels klere lê op die vloer. Haar kas is deurmekaar met gapende deure. Skoolboeke peul by haar tas uit.<br>Daar lê ’n Bar One-papiertjie op die mat wat nie gestofsuig is nie. | 94 |
| Arian se “gesteelde” foto is in ’n ou raam en pryk op haar bedkassie. | 54 |
| Bokant die bedkassie teen die muur, haar Arian-muur, is daar foto’s van die voorblaaie van Arian se strokiesprentboeke, *V for Vendatta*, *Sin City* en *Ghost World*. | 54 |
| Teen die muur pryk foto’s van die musiekgroepe waarvan Arian eweneens hou. | 54 |
| Met wondergom het sy tussen alles ŉ Bar One-papiertjie vasgeplak. | 61 |
| Teen haar kamerdeur aan die binnekant hang ŉ plakkaat van Arctic Monkeys, ŉ Engelse musiekgroep uit die voorstad Sheffield (Brittanje). | 27 |

### 6.1.4 Die veld

Arian was twee keer daar. Een nag toe hy nie kon slaap nie, is hy by sy kamervenster uit daarheen. Op ŉ plek staan bome by klippe. Hy het op een van die groot klippe gaan sit en rook. Met sy sigaretaansteker het hy gespeel en die vlammetjie bewonder. (p. 30) Toe tel hy droë hout op en maak ŉ vuur met gras en hout.

Nadat Estie hom hy die ou huis laat skrik, gaan hy met die kannetjie petrol veld toe en steek ’n boom wat daar staan aan die brand. (p. 112-114)

### 6.1.5 Die skoolruimte

Estie sit pouses op die trap by die gimnastieksaal se agterdeur om alleen te wees (buitestander) en om te rook. Daar is ’n gerieflike skaduwee wat ’n groot boom bied. Niemand kom ooit daar nie, nie eens die ander rokers van die skool nie. (p. 12)

Toe Arian die keer uit die wiskundeklas “ontsnap” hoor hy die tipiese geluide van die skool terwyl dit aan die gang is. Onderwysers se stemme “dryf” deur oop klaskamervensters en ’n enkele een raas met die leerlinge. Laggende Kinders en iemand wat in die musiekklas sing, kan verder onderskei word. Die interkom maak sy skerp biepgeluid en die skoolhoof maak ’n afkondiging. (p. 90)

Aan die voorkant van die vierkant staan ’n podium vanwaar die afkondigings gemaak word. (p. 147)

### 6.1.6 Arian-hulle se huis

Dit is ’n ouerige mooi plek met ’n netjiese tuin. By die swembad is daar ’n lapa. (p. 74)

### 6.1.7 Lucky Kim’s China Shop

By die deur is daar ’n klokkie wat gelui moet word en die rakke is vol “goedkoop gemors”.

## 6.2 Agtergrond

Die verhaal speel in ons moderne tydsgewrig af. Arian en Estie het selfone en neem foto’s daarmee. Sosiale media speel ’n belangrike rol. Estie gebruik Facebook en Instagram obsessief. Dit is die rekenaartydvak, want Estie druk haar foto’s van Arian uit. Arian maak van die internet gebruik om die webtuistes wat oor vuur handel, te besoek. Hy laai selfs sy selfie by die brandende boom op sy rekenaar. Tuis maak hulle van Netflix gebruik. (p. 16)

Arian en Estie, asook Maddy, het soos baie tieners vandag die rookgewoonte aangeleer.
Die wiskunde-onderwyser, meneer Britz, maak van ’n dataprojektor in die klas gebruik.

## 6.3 Tyd

*Interessantheidshalwe* kan ons bietjie aandag skenk aan die volgende twee tydsbegrippe:
6.3.1)*<u>Vertelde tyd</u>* beslaan die tydperk wat in die verhaalgeskiedenis gedek word. Dit kan ’n dag, ’n maand of ’n aantal jaar wees.
6.3.2) Hierteenoor staan *<u>verteltyd</u>*, insgelyks bekend as *leestyd*, wat dui op die tyd wat dit die leser neem om die verhaal deur te lees.
Arian dink terug aan die tyd toe hy, Janco en sy pa in die veld gaan uitkamp het. Gestel hulle was toe so ongeveer vyf jaar oud, dan beslaan die *vertelde tyd* ongeveer ’n tydperk van 12 jaar aangesien Arian tans in graad 11 (17 jaar oud) is.

Die leestyd of *verteltyd* hang af van jou leesvaardigheidsvermoë. Die verteltyd behoort bykans 5 uur te wees omdat dít die tydsduur is wat geneem word om die boek deur te lees. Leestyd of verteltyd word verder dikwels in die getal bladsye van die roman aangedui. Daar kan dus gesê word dat die verteltyd 223 bladsye beslaan.

## 7 SPANNINGSLYN EN KONFLIK

Daar word tussen innerlike konflik (innerlike botsing) en uiterlike konflik (uiterlike botsing) onderskei. Wanneer twee karakters mekaar fisiek aanval of ŉ woordewisseling as gevolg van ŉ verskilpunt het, verwys ŉ mens daarna as *uiterlike konflik*. In die geval waar iemand met botsende emosies/doelwitte/begeertes worstel, word dit innerlike konflik genoem.

### 7.1 Kort samevatting van die sake wat die belangrikste gebeure in "Brand" voorafgaan

Arian Foster en sy broer, Janco, was as seuntjies baie geheg aan mekaar. As jong kinders het hulle een keer saam met hulle pa in die veld gaan uitkamp. (p. 30) Nadat almal in die nag gaan slaap het, het die 2 voor die kampvuur bly sit en lag oor wat Pa besiel het om hulle saam te neem. (p. 60) Daar was baie muskiete. Pa het tweemantente gekoop en dit moes gebruik word. Hulle moes gaan kamp het soos hulle pa altyd gaan kamp het. (p. 60) Hulle moes dit ervaar om in die natuur te slaap, diere om die tent snags te hoor rondskarrel, vis te vang, in koue water te bad en koffie op ŉ vuur te maak. (p. 60)

Toe reeds het Arian al besef hy is anders as die ander en hy pas nêrens in nie (p. 30); hy is die vreemdeling ("alien"). Dit kan dalk wees as gevolg van ŉ opmerking deur ŉ onderwyser wat eendag sy rapport vir hom gegooi het, hom met sy presterende broer en suster vergelyk het, en gesê het: "As dit jou beste is, Arian Foster, is daar nie ŉ druppel hoop vir jou nie. Jy is goed vir niks nie en jy sal ook nooit wees nie. Sleg, dis wat jy is." (p. 200)

Arian en Janco was groot maats, kon lank oor enigiets gesels en kon ure lank onder die boom karretjies speel of saam aan ŉ boomhuis bou. Soms het hulle op hulle rûe op die grasperk voor die huis gelê met hulle voete teen mekaar en in die lug fietsgery. (p. 40) Arian sê self vir juffrou Jonkers hulle was "buddies". (p. 60)

Maar oor die jare het dinge verander. Hulle verhouding het uitgedoof ("fade out") (p. 20) en die broederskap het geleidelik getaan sonder dat daar ŉ spesifieke insident was wat dit veroorsaak het. Arian sê vir juffrou Jonkers dat sulke dinge maar tussen broers gebeur en hy vergelyk hulle met Jakob en Esau.

Arian is tans in graad 11 en Janco in graad 12. Hulle deel ŉ kamer. Aangesien hulle nou nie meer goed oor die weg kom nie, is die kamer met maskeerband in die helfte verdeel. (p. 18) Arian se deel is by die venster met die stukkende diefwering en Janco s'n is by die muur waarteen hy al sy sertifikate kan uitstal. Janco se kant is netjies, maar Arian se kant is slordig. Janco het mettertyd ŉ behae daarin begin skep om Arian liggaamlik seer te maak en hy het hom dikwels beledig en lelike name soos "loser" of "idioot " toegevog.

Estie Swart is net soos Arian iemand wat nêrens inpas nie. Sy was in dieselfde skool en graad as Arian. Haar ma, Trisha, is oorlede en haar pa en tannie Charlene (p. 22) bly nou bymekaar. Sy en tannie Charlene kom nie goed oor die weg nie omdat sy nie regtig haar oorlede ma se plek kan inneem nie. Sy kan nie uitmaak wat haar pa in die vrou sien nie. (p. 23) Tannie Charlene is so oud soos Estie se ma sou wees.

Estie se pa het in ŉ rekenaarwinkel gewerk. By die Coffee Bean verby, het hy elke middag die mooiste meisie gesien. Sy het elke dag op dieselfde sitplek gesit met ŉ boek in haar hande en ŉ koppie koffie. Eendag besluit hy toe om in te gaan en dit het ŉ daaglikse ritueel geword om so na haar te sit en kyk. (p. 35)

Een middag sien hy haar toe nie daar sit nie. Toe hy ingaan, sit sy op die plek waar hy altyd gesit het. (p. 36) Sy het vir hom geglimlag en beduie hy moet daar kom sit. ŉ Vriendskap het begin, hulle het uitgegaan en is later getroud. (p. 36)

As jong meisie het Estie balletles geneem. Elke Woensdag het haar ma haar *Classic Ballet-School* toe geneem (p. 80) totdat die een personeellid Estie se ritmeloosheid beledigend met iemand anders bespreek het. Dit het Estie seergemaak en sy het vir haar ma gesê dit is nie meer lekker daar nie. Die klas is toe gestaak. (p. 80-81)

Estie verlang nog baie na haar ma en as die verlange te erg word, skakel sy haar selnommer oor en oor, want die groetboodskap is nog daar: "'Hallo, dis Trisha'," roep die vrolike stem uiteindelik. 'Ek is heel moontlik beskikbaar, maar ek soek seker nog na my foon. Los asseblief ŉ boodskap en ek bel jou terug sodra ek dit kry.'" (p. 81)

Die verhaal word feitlik chronologies vertel, met hier en daar ŉ terugflits na die verlede. Die skrywer maak baie van *asteriske* (***) gebruik om ŉ skeiding aan te dui tussen die ruimte of denkwêreld en handelinge van Arian en Estie. So ontwikkel Arian en Estie se verhaal bykans gelyktydig. Die besondere kort hoofstukke dwing die leser om graag verder te lees en te weet wat volgende gaan gebeur. Die *kort hoofstukke* dra verder by tot verhoogde spanning.

Onthou dat die verteller die gedagtes van die karakters meestal deur ŉ *gekursiveerde lettertipe* (skuinsdruk) aandui.

### 7.2 Voorbeelde van uiterlike konflik

Maak van die volgende bladsynommers gebruik om die belangrikste voorbeelde van uiterlike konflik op te spoor:

| ARIAN EN JANCO | ESTIE EN TANNIE CHARLENE | ESTIE SE PA EN TANNIE CHARLENE | HERMAN EN SONET |
|---|---|---|---|
| 17; 45-47; 101; 120; 134; 159; 169; 170;172 | 25; 51; 117-118; 173-174 | 180-181 | 20-21 |

| ARIAN EN SY PA | ARIAN EN ESTIE |
|---|---|
| 100; 101; 102 | 136; 137; 139; 140-141; 167 |

## 7.3 Motoriese moment

Die verteller wy die eerste aantal bladsye aan inligting soos wie Arian en Estie is, waarvan Arian hou en dat hy ’n eenkantmens is. Die gebeure in die wiskundeklas is nie juis spannend nie; eweneens nie die matriekseuns wat Estie spot en sê dat sy sit en miere dooddruk nie. (p. 11) Die eerste werklike belangrike gebeurtenis wat die spanningslyn begin, is toe Arian op die speelgrond verby Estie met ’n “Hallo-ek-sien-jou-glimlag” loop. Dit is tóé wat sy besluit om hom daardie middag nog op Facebook te gaan soek. (p. 15) Hierdie besluit aktiveer die spanningslyn en word die *motoriese moment genoem*.

Van hierdie punt af ontwikkel die spanningslyn met talle voorbeelde van uiterlike konflik, asook Arian en Estie se innerlike konflik. Arian en Estie se innerlike konflik groei tot ’n uiteindelike hoogtepunt, waarna dit geleidelik “opgelos” word en die spanningslyn van die roman laat daal.

## 7.4 Arian se besoeke aan juffrou Jonkers

Omdat Arian ’n swak selfbeeld het en skepties is teenoor die mense om hom by wie hy nie kan inpas nie, beleef hy toenemende innerlike konflik en onsekerheid. Hy het min hoop om by juffrou Jonkers vordering te maak en speel graag speletjies met haar. Tog maak hy mettertyd vordering en werp sy beradingsbesoeke vrug af.

Arian se eerste sessie by juffrou Jonkers vind plaas pas nadat hy by die ou huis in Aalwynstraat, wat sy pa ’n “oogseer” noem, verby is. (p. 41) Juffrou Jonkers wil by Arian weet hoe hy sou voel as hy die ou huis was. Dadelik dink hy dit is ’n strikvraag en sê dat hy niks sou voel nie omdat ’n huis nie kan voel nie. (p. 42) Op haar vraag of mense ook kan kraak, antwoord hy bevestigend en sê dit is waarom *kopdokters* nodig is. (p.42) Arian gee voor dat baie mense hom ken en wil nie hê die berader moet agterkom dat dit ’n leuen is nie. (p. 42) Hierdie leuen lei tot baie *innerlike spanning* (konflik) by hom.

Gedurende ’n tweede sessie word gepraat oor Arian se probleem met aggressie aangesien sy pa dit vir die berader vertel het. (p. 58) Dit verwys na sy en Janco se bakleiery oor die tas wat by die skool bly lê het. Arian maak dié insident as ’n nietigheid af en sê dit gebeur maar tussen broers. Hy vertel hoe hulle twee se eertydse verhouding mettertyd verswak het en vergelyk hulle verhouding met dié van Jakob en Esau. (p. 60)

Die volgende keer was ’n middagsessie die dag nadat Arian uit die wiskundeklas oor die skoolterrein geloop het en uiteindelik in die skoolsaal op die verhoog beland het. Volgens juffrou Jonkers het sy ma bekommerd laat weet sy glo nie die sessies help nie. (p. 93) Arian besluit toe om alles te wees wat “mooi en reg en wonderlik in die wêreld is”. (p. 94) Hy besluit om te probeer huil dat dit lyk of die berading help.

Die Maandag gaan die gesprek oor Arian se doelwitte. Hy vra ’n week uitstel omdat hy nie daarby kon uitkom nie. Arian het eenvoudig geen woorde nie. (p. 160) Toe vra sy hom maar wat sy grootste droom is. Net vóór dit, leer sy hom ’n baie groot waarheid: “Wanneer mense nie vir hulleself wil praat nie, gaan iemand anders dit vir julle doen. Jou pa het al begin, nie waar nie? Hy het al vir my kom probeer sê wat ek vir jou moet sê.” (p. 161)

Arian blaker toe sy grootste droom uit, naamlik dat hy eendag van geweet wil wees. Hy is bang hy raak weg, dat niemand hom raaksien nie. Hy beëindig die sessie self deur op te

staan, die kantoor te verlaat en die deur toe te klap, want hy besef hy het nou se veel van homself verklap. (p. 161-162)

In die hospitaaltuin ontmoet Arian juffrou Jonkers omdat sy Janco kom besoek het. Hy vra onmiddellik verskoning dat hy altyd so moeilik met haar was (p. 199) en verwys na die vorige belangrike waarheid wat sy geopper het naamlik dat ’n mens vir jouself moet kan praat. Hier maak Arian sy hart heeltemal oop; iets wat hy vroeër nie sou doen nie. Hy beskou homself steeds as “loser” en vertel hoe ’n onderwyser uit sy verlede hom eendag verneder het en dat hy dit ter harte geneem het. (p. 200)

Arian huil en juffrou Jonkers sit haar arm om sy skouers en troos hom. Die troos waarna hy al só lank verlang, het eindelik gekom. (p. 201) Sy verseker hom dat daar iets spesiaal in hom is en dat sy vir hom ’n nuwe etiket wil gee. (p. 201) Sy vertel hom van die feniks en gee hom ’n drukkie.

Onthou dat Arian se verskeie besoeke aan die huis in Aalwynstraat nie buite rekening gelaat mag word as jy sy innerlike konflik bestudeer nie:

| | |
|---|---|
| 1 | Op pad huis toe van die skool af die middag toe Janco hom gevra het om sy tas huis toe te neem. (p. 40-41) |
| 2 | ’n Paar dae nadat hy Ouma-hulle afgeluister het. Helder oordag. (p. 85-86) |
| 3 | As gevolg van Arian se woede omdat sy pa hom so onbeskof voor almal aan tafel verneder het. Hy loop met ’n kannetjie petrol in sy een hand, vas van plan om die huis aan die brand te steek. Hy skrik hom boeglam toe hy “iemand” buite in die donker op die sypaadjie sien staan. (p.105 ─108) |
| 4 | Die Maandagmiddag na sy beradingsessie waar hy alles oor homself uitgelap het, wat hy nie wou doen nie, gaan hy weer na die huis toe. (p. 164) |
| 5 | Nadat tannie Charlene vir Estie geklap het en dan daarheen uitwyk, vind hulle mekaar in die huis. (p. 174-178) |
| 6 | Arian verwyder die maskeerband in hulle kamer en hy en Estie loop hand aan hand na die huis toe om dit aan die brand te gaan steek. (p. 207-2010) |

### 7.5 Estie, die agtervolger, se innerlike konflik

Na haar ma se dood byna twee jaar gelede voel Estie alleen omdat sy na haar verlang en telkens met tannie Charlene bots. Die matriekseuns spot haar en sê sy sit pouses alleen en miere dooddruk. Dit gee aanleiding tot ’n minderwaardigheidsgevoel. (p. 11)

Sy wend haar tot Facebook en Instagram om virtuele vriende met ouens te maak omdat geen ou haar nog ooit vasgehou of gesoen het nie. Sy was baie opgewonde toe Arian die vriendskapsversoek aanvaar. (p. 32)

Aan die begin van die “vriendskap” staar Estie altyd na Arian se foto op Facebook en probeer iets in hom raaksien wat hy dalk nie agter daardie geheimsinnige kyk wys nie. (p. 23) Dit is baie soos Arian wat op sy beurt weer iets soos die skadu van vuur soek en vuur probeer

verstaan: “Vuur het nie ’n skaduwee nie. Dis een van die vreemde feite van die natuur, maar tog soek hy na die skaduwee in sy palm.” (p. 30-31)

Een nag kom gesels Estie se pa met haar. Hy vertel toe weer die verhaal hoe hy en Trisha ontmoet het. Estie spreek haar kommer uit dat sy dalk nooit ’n kêrel sal kry nie. (p. 36) Haar pa stel haar gerus en belowe dat iemand eendag nog vreeslik lief vir haar sal word. (p. 37)

Estie volg Arian nou nie net meer op Facebook nie, maar sy agtervolg hom by die skool ook. Sy probeer hom van klas tot klas volg al beteken dit sy kom laat vir haar eie klas. Sy rooster pryk langs hare in haar huiswerkboekie. (p. 55) Op pad van die Engelsklas laat val hy ’n Bar One-papiertjie wat sy optel vir haar Arian-muur. (p. 58) Sy agtervolg hom een middag tot by sy huis, en vir tannie Charlene laat weet sy sy werk aan ’n taak by die skool. (p. 72) Daardie middag besef Estie al denkende wáárom sy Arian so agtervolg; “Dit help haar om uit haar wêreld te ontsnap as sy vir Arian in syne sien.” (p. 74)

Vervolgens het Estie Arian die nag agtervolg na sy uitbarsting met sy pa en hy met ’n kannetjie petrol na die ou huis toe op pad was. (p. 110)

Met haar en Maddy se kuier by haar huis som Maddy Estie se innerlike tweestryd (konflik) mooi op toe hulle wou rook, maar Estie dit vir haar pa en tannie Charlene wil wegsteek: “ ‘Aa, jy wil ’n rebel wees, maar ook nie heeltemal nie. Soos ’n slang met twee koppe. Een kop wil dié kant toe, die ander wil daardie kant toe. Albei koppe wil eet.’” (p. 128)

Estie gaan ’n stap verder die aand met Liny se verjaarsdag. Onwetend dat niemand tuis is nie, betree sy Arian se kamer stap vir stap totdat sy op sy bed lê (p. 134) en sy soekgeskiedenis op sy rekenaar fynkam. (p. 136) Sy sien daarby die selfie by die brandende boom (p. 136) en neem ’n foto daarvan.

Die hoogtepunt van Estie se innerlike spanningslyn word bereik toe Arian haar onverwags in sy slaapkamer betrap. Sy was so bly dat Arian inwillig om haar uit te neem, dat sy hom op ’n troetelnaam, “Arries”, aanspreek. (p. 144)

Estie se uiterlike konflik kom tot ’n hoogtepunt toe tannie Charlene haar klap (p. 174) en sy koers kry na die ou huis in Aalwynstraat toe. Nadat haar pa aankondig dat hy en tannie Charlene se paaie uit mekaar gaan en dat sy gaan verhuis, verlaat alle innerlike spanning Estie. Haar pa vertel nogmaals vir haar die storie van sy en Trisha se ontmoeting en hulle bevestig weer eens hulle wedersydse liefde vir mekaar. (p. 204)

Terwyl Estie vir Arian wag dat hy die vuurwerke by sy huis gaan haal, besluit sy om ’n paar dinge in haar lewe af te sweer en om saam met Arian ’n nuwe, skoon lewe te begin. Sy voel sy wil regmaak wat sy in haar lewe “aangejaag” het. Sy sal nooit weer rook nie. Al die onbekende vriende op Facebook en Instagram, verwyder sy. Estie neem haar voor om tuis alle skelm foto’s van Arian te verwyder. Slegs die een op haar bedkassie sal bly. Sy voel Arian moet van alles bewus wees en dat sy niks meer agter sy rug wil doen nie. (p. 212)

Op hierdie wyse het daar *vrede* in Estie se gemoed gekom en is sy nie meer, met Arian in haar lewe, 'n buitestander nie.

Jy kan gerus vir jou 'n lysie maak van die talle skelm foto's wat Estie van Arian deur die verloop van die verhaal geneem het om haar agtervolging vollediger te maak. Die volgende bladsynommers kan jou daarmee help: Bladsye: 43; 55; 75; 123; en 137.

### 7.6 Verligting van spanning hef Arian en Estie se buitestanderskap op

Toe Estie sien haar pa dra weer sy trouring en hulle twee weer eens hulle liefdevolle verhouding aan mekaar bevestig, het alle omstandighede sommer mooi en vredevol vir haar begin word. Sy het Arian ophou agtervolg, want hy het nou deel van haar lewe geword. Op pad na die ou huis met die doel om dit te brand, het Arian Estie aan die hand daarheen gelei. (p. 207) Voordat hy die vuurwerke gaan haal het, het hy haar vir die eerste keer in sy lewe op haar wang gesoen. (p. 211)

Janco se ongeluk het iets diep in Arian se emosies bevry. Hulle kon met mekaar versoen, al was dit met min woorde; net met trane en twee hande wat mekaar vind. (p. 198) Die vyf woorde uit Herman Foster se mond: "Ek dink jy moet, seun" (p. 193) het Arian en sy pa weer by mekaar uitgebring.

Die versoening in Arian en Estie se lewens, asook hulle samesyn, het hulle buitestanderskap opgehef; al was dit onder haglike omstandighede: "Vir 'n oomblik bly lê hulle so in mekaar se arms, hygend na asem. Arian is skielik intens bewus van Estie se nabyheid, asof sy brein nou wakkerder is. Asof elke senuwee in sy lyf haar aanraking skerper beleef." (p. 220)

# B POST-LEES

## 8 KORTVRAE EN VOORGESTELDE ANTWOORDE MET OPMERKINGS

Beantwoord die volgende kortvrae soos jy vorder met die lees van die verhaal om te help dat jy die inhoud gou en maklik verstaan (baasraak).

Hoewel daar geen aanduiding van 'n puntetelling by die vrae is nie, kom dit wel by die voorgestelde memorandum ter sprake om jou gewoond daaraan te maak hoe jou antwoordstel aan die einde van matriek op ***nasionale*** vlak nagesien gaan word. In die voorgestelde antwoorde word regmerkies gebruik om jou te laat sien hóé die punte toegeken word. Daar is telkens opmerkings wat jou help sien hoe jou antwoorde nagesien word.

By antwoorde wat 'n ja/nee plus motivering vereis, word die punt(e) nie afsonderlik vir die ja of nee toegeken nie. Jy kan dus nie ja of nee (sonder 'n motivering) as antwoord gee en dan 'n punt of die punte verdien nie. Onthou: die ***motivering*** bepaal die punt. As jy ja antwoord en jou motivering is nie gepas nie, kan jy nie verwag om die punt(e) te verdien nie. Dieselfde geld vir nee-antwoorde met onvanpaste of geen motiverings.

| NR. | BL. | VRAAG |
|---|---|---|
| 1 | 7 | Die verhaal open met Arian se direkte woorde. Is dit hy wat die verhaal vertel? Motiveer jou antwoord. |
| 2 | 7 | Arian word dadelik as buitestander leer ken. Noem drie dinge wat dit bevestig. |
| 3 | 7 | Watse tipe Afrikaans gebruik Arian heel aan die begin van die verhaal? Evalueer sy taalgebruik. |
| 4 | 7 | Verduidelik wat die verteller daarmee bedoel dat Arian die ander kinders leer spel. |
| 5 | 8 | Wie is die wiskunde-onderwyser? |
| 6 | 8 | Skryf ŉ woord op hierdie bladsy neer wat aandui dat Arian ŉ arrogante/dwars geaardheid het. |
| 7 | 8 | Onder aan die bladsy is ŉ *vergelyking*. Dui aan watter TWEE sake met mekaar vergelyk word en beoordeel die geslaagdheid daarvan al dan nie. |
| 8 | 9 | Hoe word Arian deur Thomas verleë gemaak en hoe het hy daarop gereageer? |
| 9 | 9 | Hier is ŉ voorbeeld van uiterlike konflik. Verduidelik die stelling kortliks. |
| 10 | 9 &10 | Wat is ŉ <u>*pandemonium*</u> en waardeur word dit veroorsaak? |
| 11 | 10 | Wat is <u>*dramatiese ironie*</u> en gee ŉ voorbeeld daarvan. |
| 12 | 10 | Verduidelik Arian se anderse denkwyse in hierdie situasie wat hom nie met die ander leerders laat vereenselwig nie. |
| 13 | 10 | Wat is die funksie van die asteriske? |
| 14 | 11 | Wat doen Estie om haar teen die matriekseuns se tergery te beskerm? |
| 15 | 12 | Behalwe die seuns se spot, is daar nóg seer wat Estie moet verwerk. Watter ander pynlike gedagte is dit en waarom kom daardie seer nou weer skielik in haar gedagtes na vore? |
| 16 | 12 | Dit lyk of Estie ŉ buitestanderfiguur is. Uit watter 2 optredes van haar lei jy dit af? |
| 17 | 12 | Wat dink jy van die idee dat een van die seuns Estie vir ŉ "date" begraafplaas toe wil neem? Motiveer jou antwoord. |
| 18 | 12 | Dink jy Estie het rede om te rook? Motiveer jou antwoord. |
| 19 | 13 | Wat bedoel die verteller met "Facebook stalking"? |
| 20 | 13 | Verduidelik waarom "elke album van sy lewe" ŉ voorbeeld van ŉ metafoor is. |
| 21 | 13 | Gee ŉ voorbeeld van ŉ *paradoks* uit die 2de helfte van hierdie bladsy en verduidelik die stylfiguur. |
| 22 | 14 | Wat beteken dit as iemand ŉ helse "scheme" van homself het? |
| 23 | 14 | Wat is ŉ "insinker"? |
| 24 | 16 | Arian lê ledig op die bank. Watter skryftegniek word hier gebruik om sy ledigheid te beklemtoon? |
| 25 | 16 | Wat op hierdie bladsy roep die verhaaltitel vir die eerste keer in die roman op? |
| 26 | 16 | Watter gebeure veroorsaak konflik tussen Arian en Janco? |
| 27 | 17 | Hoe spreek Janco sy broer aan? Wat noem ons hierdie tipe taal en hoe voel jy daaroor in dié Afrikaanse verhaal? |
| 28 | 19 | Waarom is Arian nie beïndruk met sy ma se omgee vir hom nie? |
| 29 | 19 | Ouma word as *matriarg* beskou en met ŉ juffrou Rottenmeier vergelyk. Wat is ŉ *matriarg* en wie is juffrou Rottenmeier? Van watter tipe beeldspraak is " ŉ juffrou Rottenmeier" ŉ voorbeeld? |
| 30 | 20 | Waarna verwys "doodles" hier? |
| 31 | 20 | Som baie kortliks op hoe dit gebeur het waarom Arian by die skoolberader beland het. |
| 32 | 21 | Verduidelik die funksie van die asteriske. |
| 33 | 24&25 | Wat lei tot konflik tussen tannie Charlene en Estie? |
| 34 | 25 | Benoem die stylfiguur in: "Tweeduisend negehonderd en twaalf vriende . . ." en verduidelik dit kortliks. |
| 35 | 27 | Na watter insident verwys: "ŉ Hallo-ek-sien-jou-glimlag"? |
| 36 | 29 | Watter moontlike redes kan jy gee waarom Arian wakker lê? |
| 37 | 29 | Die meisie wat hier ter sprake is, is "weirderig". Wat beteken dit en dink jy sy pas by Arian? Gee ŉ rede vir jou antwoord. |
| 38 | 30 | Waarmee word die maan vergelyk? Dink jy Arian se bestaan sluit by hierdie vergelyking aan? Waarom sê jy so? |
| 39 | 31 | Wat doen vuur aan Arian se denke? |

| NR. | BL. | VRAAG |
|---|---|---|
| 40 | 32 | Wat doen vuur aan sy emosies (gevoelens)? |
| 41 | 33 | Is daar ŉ verskil tussen die verhouding van Estie met haar pa en Arian en sý pa? Motiveer jou antwoord. |
| 42 | 40 | Al het Arian ŉ persoonlikheidsprobleem is hy in een opsig nie so ongeskik of grof soos Janco nie. Verduidelik dit aan die hand van ŉ voorbeeld. |
| 43 | 40 | Verduidelik of "hy weer sy oë oopmaak" letterlik of figuurlik verstaan moet word. |
| 44 | 41 | Dit lyk of Arian ŉ baie private seun is. Gee nog TWEE bewyse daarvan vroeër uit die verhaal waar Estie hierdie gevolgtrekking in haar gedagtes maak. |
| 45 | 46 | Watter woord in Arian se huiswerkboekskets pas mooi by hierdie gebeure? |
| 46 | 47 | Waarna verwys die satiriese "7de Traan"? |
| 47 | 50 | Skryf ŉ voorbeeld van personifikasie neer en sê waarom hierdie beeld funksioneel is. |
| 48 | 50 | Vuur het ŉ misterieuse uitwerking op Arian. Wat dink jy is die belangrikste wat dit aan hom doen? |
| 49 | 54 | Wat is so ironies van Estie se verhouding met Arian? |
| 50 | 55 | Estie is baie duidelik besig om Arian heimlik te volg/agtervolg. Dink jy so iets kan werk? Motiveer jou antwoord. |
| 51 | 56 | Wat is moontlik die funksie van die ellips (stippels) op hierdie bladsy? |
| 52 | 63 | a) Waarom kan gesê word Arian se ma verspreek haar en watter tegniek gebruik die skrywer om dit aan te dui?<br>b) Wat is jou reaksie op die netelige situasie wat Arian se ma skep as sy haar verspreek? |
| 53 | 64 | Watter tipe konflik vind tussen Arian en sy ma plaas en waarom maak sy ŉ U-draai? |
| 54 | 65 | Voltooi die sin met die ellips op gepaste wyse. |
| 55 | 66 | Dui kortliks die progressie in die slotparagraaf aan. |
| 56 | 68 | Waarom, dink jy, "agtervolg" Estie Arian so en is sy nie lus om Maddy as vriendin aan te neem nie? |
| 57 | 74 | Arian en Estie doen albei eienaardige/ongewone dinge. Arian bewonder vuur en Estie agtervolg hom. Wat is onderskeidelik die rede vir elkeen se ongewone optrede? |
| 58 | 79 | Watse houding neem Arian hier in? |
| 59 | 81 | Wat doen Estie as sy baie na haar ma verlang? |
| 60 | 84 | Wat dink jy beteken die oogbeweging wat Liny vir Janco maak? Probeer dit in taal (woorde) omsit. |
| 61 | 85 | Waarom dink jy kan Arian met die huis in Aalwynstraat identifiseer? Motiveer jou antwoord met drie voorbeelde/bewyse. |
| 62 | 86 | Verduidelik hoe ŉ "vonk" hier as *metafoor* funksioneer. |
| 63 | 88 | Arian is onbewus daarvan dat iemand hom dophou. Verduidelik of Estie se gevolgtrekking korrek is en wat dit is wat haar agterdogtig laat voel het. |
| 64 | 89 | Wie se gedagtes is ter sprake in: "Die skooldag is weer te lank"? |
| 65 | 89 | "Oor en oor doen hy dit, totdat dit ŉ dik geweefde mat vorm." Watter TWEE tegnieke gebruik die verteller hier om die ononderbroke handeling te beklemtoon? |
| 66 | 90 | Spreek jou uit oor die funksionaliteit al dan nie van die woordkeuse in: stemme wat deur klasvensters **dryf**. |
| 67 | 91 & 92 | Dui die teenstelling (antitese) aan tussen die houding wat Arian inneem op pad na die hoof toe op die verhoog en weer weg van hom af. Na watter twee romankarakters, dink jy, verwys hierdie twee liggaamshoudings onderskeidelik? |
| 68 | 92 | Hier hang ŉ vanillageur in die lug, terwyl daar in die saal ŉ geur van _________ was. |
| 69 | 92 &93 | Wat beteken "priemende vragies" en "geveinsde erns" binne die verhaalkonteks? |
| 70 | | Watter EEN van die bogenoemde frases is ŉ voorbeeld van ŉ eufemisme? Verduidelik jou antwoord. |
| 71 | 94 | Dink Arian die berading help? Motiveer jou antwoord. |
| 72 | 95 | Skryf ŉ voorbeeld van ŉ paradoks neer. |
| 73 | 97 | Wat verkies Arian bo ŉ ete aan tafel saam met sy gesinslede? Gee ŉ rede vir sy keuse. |
| 74 | 98 | Wat is die moontlike rede daarvoor dat Arian sy bors effens uitstoot? |
| 75 | 100 | Gee TWEE redes waarom Arian tans ongemaklik rondskuif. |

| NR. | BL. | VRAAG |
|---|---|---|
| 76 | 100 | Wat dink jy bedoel Arian as hy sê hy gaan nie voor sy gesin sit en "derms" uitryg" nie? |
| 77 | 100 | Arian staan op en 'n woede "*brand deur hom*". Verduidelik die effektiwiteit al dan nie van die woordkeuse en motiveer jou antwoord. |
| 78 | 101 | Janco en Liny reageer hier kontrasterend. Verduidelik dié bewering. |
| 79 | 102 | Skryf die klanknabootsende woord op hierdie bladsy neer. |
| 80 | 102 | Gee 'n voorbeeld van 'n vergelyking en bepaal of dit effektief is of nie. Motiveer jou antwoord. |
| 81 | 105 | Gee 'n voorbeeld van 'n paradoks (skynbare teenstrydigheid). |
| 82 | 109 | "Die tuin waaruit iemand na hom staan en opkyk". Wie is hierdie iemand? Het Arian die iemand gesien? Motiveer jou antwoord. |
| 83 | 110 | Arian se sending wat in hierdie hoofstuk beskryf word, het geslaag. Dui aan of die stelling waar of onwaar is en motiveer jou antwoord. Hoe pas jou antwoord en motivering aan by dit wat hy vroeër in sy huiswerkboek geteken (geskryf) het? |
| 84 | 113 | Wat doen brandstigting aan Arian se menswees? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse. |
| 85 | 115 | Tydens watter ander insident vroeër het vuur Arian net so uit sy droomwêreld geruk? Verduidelik dit in 'n paar sinne. |
| 86 | 116 | Wat behels die geheim in Arian se oë? |
| 87 | 123 | Om watter rede kan Estie as buitengewoon eienaardig, byna afwykend, beskou word? |
| 88 | 128 | Watter twee eienskappe van Estie kom perfek ooreen met die beeld van die tweekoppige slang? |
| 89 | 129 | Skryf die vergelyking op hierdie bladsy neer en evalueer die geslaagdheid al dan nie daarvan. |
| 90 | 136 | Is die deel vanaf p. 131 tot hier spannend vir jou? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse. |
| 91 | 137 | Watter skryftegniek gebruik die skrywer om Estie se skok (verbouereerdheid) mee uit te beeld? |
| 92 | 139 | "Arian stotter: Wat ... wat nog?" Watter karaktereienskap van hom kom hier in sy onsekerheid of angs na vore? Motiveer jou antwoord. |
| 93 | 140 | Verklaar wat Arian bedoel as hy die volgende dink: "Sy moet net nie 'n pizza in sy kamer skiet nie." |
| 94 | 144 | Waarom is Arian verdwaas as hy die Bar One sien? |
| 95 | 146 | Om watter rede kan Estie as buitengewoon eienaardig, byna afwykend, beskou word? |
| 96 | 146 | Watter TWEE eienskappe van Estie stem perfek ooreen met die beeld van die tweekoppige slang? |
| 97 | 147 | Gee 'n voorbeeld van metonimia en verduidelik die beeldspraak. |
| 98 | 148 | Wat beteken dit as die skoolhoof sy laaste eiertjie lê? |
| 99 | 148 | Wat bedoel Maddy met die feit dat sy nie Estie se "borrel" wil bars nie? |
| 100 | 148 | Bogenoemde is 'n voorbeeld van 'n *anglisistiese idioom*. Verduidelik hierdie stelling en stel 'n beter Afrikaanse idioom in die plek daarvan voor. |
| 101 | 151 | Motiveer dat Arian eintlik glad nie opgewonde oor hierdie afspraak is nie. |
| 102 | 152 | Is daar 'n rede daarvoor dat die man met 'n onverstaanbare gebrabbel groet? Motiveer die antwoord. |
| 103 | 153 | Estie is nie 'n oppervlakkige mens nie. Motiveer hierdie stelling. |
| 104 | 154 | Wat pla Arian nou? |
| 105 | 155 | Wat skep 'n puik aanknopingspunt vir die twee om 'n gesprek aan die gang te kry? |
| 106 | 156 & 157 | Noem 'n paar intieme dinge wat Arian en Estie gedurende hulle samesyn vir die eerste keer met mekaar deel. |
| 107 | 159 | Wat is die funksie van die kursiefgedrukte woorde? |
| 108 | 159 | Wat simboliseer die *nuwe wit vel* papier? |
| 109 | 161 | Verduidelik wat Arian se grootste droom behels. |
| 110 | 162 | Waarom beëindig Arian hierdie beradingsessie so vinnig en stomp? |
| 111 | 163 | Hoekom is daar 'n aantal gekursiveerde reëls op hierdie bladsy? |
| 112 | 166 | Wat dink jy het Estie die moed gegee om na Arian-hulle se huis toe te kom? |
| 113 | 169 | Wat is Estie se grootste innerlike konflik wat sy vroeër al aan haar pa genoem het? |
| 114 | 171 | Het Arian 'n goeie rede om die aand uit Ouma se pad te bly? Motiveer jou antwoord. |
| 115 | 172 | Hoe kry Arian Janco terug omdat hy hom liggaamlik seergemaak en verneder het? Het jy simpatie met Janco? Motiveer jou antwoord. |
| 116 | 173 | Watter tipe konflik is hier aan die orde van die dag? |

| NR. | BL. | VRAAG |
|---|---|---|
| 117 | 173 | Estie is baie beleefd. Sê of hierdie stelling Waar of Onwaar is. |
| 118 | 174 | Noem twee tegnieke wat in die gekursiveerde woorde gebruik word om Estie se minagting teenoor tannie Charlene uit te druk. |
| 119 | 177 | Met watter vroeëre geleentheid het Arian vir Estie weerloos gelyk soos nou? |
| 120 | 178 | Arian stamp sy vuis teen die muur en hardloop weg omdat:<br>A hy skaam kry as gevolg van Janco se spottery<br>B hy nog nie daartoe in staat is om tot ander mense deur te dring nie<br>C hy ’n obsessie met vuur het<br>D hy sy humeur verloor het |
| 121 | 179 | Estie en tannie Charlene het nog nooit met mekaar oor die weg gekom nie. Om watter rede was Estie tot dusver nooit ’n draer van negatiewe inligting oor haar by haar pa nie? |
| 122 | 181 | Wie het die slaapkamer verlaat en waaruit lei jy dit af? |
| 123 | 181 | Estie voer soos altyd ’n “gesprek” met haar ma. Verklaar presies was sy bedoel met: “Alles is so opgemors.” |
| 124 | 181 | Hoe verskil hierdie boodskap aan haar ma van al die voriges? |
| 125 | 183 | Motiveer waarom gesê kan word Arian wil graag kontak met mense maak, maar hy doen dit nie. |
| 126 | 185 | Arian het ’n hoofbelangstelling. Sê wat dit is. |
| 127 | 186 | Het Arian volgens jou oordeel rede om so sarkasties soos hier te wees? Motiveer jou antwoord. |
| 128 | 189 | Skryf ’n voorbeeld van ’n metafoor op hierdie bladsy neer en verduidelik waarvoor dit staan. |
| 129 | 190 | Janco is ernstig beseer. Presies wat behels sy besering? |
| 130 | 191 | Identifiseer en verduidelik die ironie op hierdie bladsy. |
| 131 | 193 | Skryf die vyf woorde neer wat Arian se pa sê wat later ’n groot verskil in sy en Janco se lewe gemaak het. |
| 132 | 195 & 196 | Bewys dat daar ’n wending in Arian se gevoel teenoor Janco ingetree het. |
| 133 | 196 | Wat is die geïmpliseerde betekenis van: “Lank en reguit soos ’n streep op ’n hartmonitor.”? |
| 134 | 198 | Met watter gebaar toon Janco versoening/vrede met Arian? |
| 135 | 200 | Waar kom Arian aan die etiket wat hom as “loser” brandmerk? |
| 136 | 201 | Met watter bekende simbool word Arian aangemoedig om sy identiteit te vernuwe en hoe sluit dit hier by die roman se titel aan? |
| 137 | 208 | Glo jy dat dit in Arian se geval gepas sal wees om vir oulaas iets aan die brand te steek? Vuur vernietig dan mos! Motiveer jou antwoord. |
| 138 | 211 | Sê watter gebeurtenis in Estie en haar pa se lewe stel haar in staat om nuut soos Arian te kan begin. |
| 139 | 212 | Dui aan hoe Estie ’n nuwe blaadjie omslaan. |
| 140 | 213 | Arian behaal hier ’n oorwinning oor sy buitestanderskap en betrek vir Janco in sy lewe. Motiveer dit baie kortliks. |
| 141 | 214 | Gee ’n voorbeeld van ’n oksimoron. |
| 142 | 223 | Hoe verras Arian Estie? |

## VOORGESTELDE ANTWOORDE MET OPMERKINGS

| NR. | ANTWOORD | OPMERKING | DV | PUNT |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Nee. Die derdepersoonverteller haal maar net hier Arian se voorstellingswoorde aan sy klasmaats in graad 8 aan.✓ | Geen punt vir die nee nie. Die korrekte motivering bepaal die punt. | 3 | 1 |
| 2 | Hy maak ’n besliste onderskeid tussen hom en “julle”.✓ Hy hou nie van dieselfde musiek as waarvan die “julle” hou nie.✓. Hy dans glad nie soos die “julle” nie.✓ Sy naam wyk af van die normale of verwagte Adrian omdat dit sonder ’n “d” geskryf word.✓ | Noem enige <u>DRIE</u> feite. | 3 | 3 |

| NR. | ANTWOORD | OPMERKING | DV | PUNT |
|---|---|---|---|---|
| 3 | Slordige Afrikaans./ Afrikaans vol Engelse woorde./Tipiese tienertaal✓ Ek hou nie daarvan nie omdat ek ’n voorstander van suiwer Afrikaans is. OF; Dit is vir my funksioneel omdat dit is soos tieners praat en dit die verhaal geloofwaardig (lewendig) maak.✓ | Jou evaluering moet gepas wees. Die evaluering bepaal die punt. | 4 | 1 |
| 4 | Hy het mooi aan die ander kinders verduidelik dat sy naam sonder ’n “d” gespel word. ✓ | | 3 | 1 |
| 5 | Meneer Britz.✓ | | 1 | 1 |
| 6 | Ergerlik./ aspris. ✓ | Slegs EEN woord. | 3 | 1 |
| 7 | Die kinders in die wiskundeklas se valsheid word met nagemaakte Nike-tekkies wat op die vlooimark gekoop kan word, vergelyk.✓ Die vergelyking is geslaag, want nóg die kinders nóg die tekkies is werklik eg. ✓ | | 2<br>4 | 2 |
| 8 | Byron vra Arian reguit of hy al ’n meisie “gevry” het.✓Arian draai reg in sy bank en antwoord nie die vraag nie. ✓ | Om die twee punte te verdien, moet dit in dieselfde volgorde beantwoord word as waarop dit in die vraag na mekaar volg. | 2 | 2 |
| 9 | Thomas en Byron aan die een kant en Arian aan die ander kant het duidelik botsende belange wat hulle met woorde “uitpraat”.✓ Thomas en Byron konfronteer Arian met Maddy. ✓ Vol bravade daag Arian hulle uit om ’n afspraak met haar te maak. ✓ Hulle gooi gou koue water op sy poging deur ’n persoonlike vraag te vra waarvan Arian glad nie hou nie. ✓ | | 2 | 4 |
| 10 | Dit is ’n baie groot lawaai✓ en vreeslike verwar-ring. ✓ Thomas verwar meneer Britz met sy dataprojektor as hy sy selfoon as afstandbeheer inspan. (Hy laat die skyfies onbeheersd verbyflits buite die meneer se beheer en skakel dit uiteindelik heeltemal af).✓ | | 1 | 2 |
| 11 | Dit is die verskynsel veral in dramas waar die gehoor of toeskouers/kykers oor meer inligting van die situasie beskik as die persoon of persone wat die situasie beleef. In hierdie geval sukkel meneer Britz met die dataprojektor en dink dat dit dalk stukkend is en dat hy dit nie kan beheer nie, terwyl die leerders in die klas almal weet dat Thomas eintlik die gek met die onderwyser skeer deurdat hý die projektor met sy selfoon beheer. | | | |
| 12 | Arian dink nie hierdie poets wat gebak word, is snaaks nie.✓ | | 2 | 1 |
| 13 | Dit dui tydsverloop aan.✓ | | 3 | 1 |
| 14 | Sy vou haar arms om haar lyf. ✓ | | 1 | 1 |
| 15 | Sy treur nog oor haar ma wat byna 2 jaar gelede oorlede is.✓ Die een seun se voorstel om haar begraafplaas toe te neem vir ’n “date” laat haar hierdie pyn en verlange opnuut ervaar. ✓ | | 1<br>3 | 2 |
| 16 | Sy sit pouses eenkant op die skoolterrein. ✓/ Sy rook, maar nie saam met die ander rokers nie./ Sy is | Noem TWEE. | 3 | 2 |

| NR. | ANTWOORD | OPMERKING | DV | PUNT |
|---|---|---|---|---|
| | sonder vriende en soek vriendskap op sosiale media soos Facebook en Instagram. ✓ | | | |
| 17 | Ek hou glad nie daarvan nie. Een van die volgende motiverings: Want dit is onvanpas om jou liefde aan ŉ meisie op só ŉ plek te gaan bewys; want die seun weet moontlik Estie se ma is oorlede en lê in die begraafplaas begrawe; want dit getuig van ongevoeligheid teenoor Estie; want die seun wil ŉ gek van Estie maak omdat hy nie respek vir haar gevoelens het nie. ✓ | Die motivering bepaal die een punt. Om daarvan te hou, is *onwaarskynlik*. | 4 | 1 |
| 18 | Ja. Dit kalmeer haar. /Dit help haar kop stil word./ Dit help haar om haar pyn te vergeet.✓<br>OF<br>Nee: Deur te rook vererger sy net haar probleme./ Rook sal nie haar verlange na haar ma, of die pyn oor haar ma se dood versag (wegneem) nie. ✓ | Die motivering bepaal die punt. | 4 | 1 |
| 19 | "Stalking" dui direk, in Afrikaans vertaal, op ŉ *sluipjagter*. Dit is maar hoe mense (hier seuns en meisies en andersom) mekaar se profiele op Facebook in die *geheim* bestudeer. ✓ | | 1 | 1 |
| 20 | Die albums van die seun op sy Facebook-profiel word hier gelykgestel aan sy lewensverhaal wat d.m.v. foto's voorgestel (uitgebeeld) word. ✓ | | 2 | 1 |
| 21 | Dit maak haar bietjie hartseer, maar ook gelukkig. ✓ Sy is gelukkig om te sien die seun het vrede en dat hy sy lewe geniet, maar terselfdertyd maak dit haar hartseer as sy besef wat sý in die lewe misloop. ✓ | Albei kante: die hartseer en geluk moet genoem word. | 2<br>3 | 2 |
| 22 | Wanneer iemand ŉ hoë dunk van homself het. ✓ | | 1 | 1 |
| 23 | Iemand soos Estie wat onbekend aan die wêreld bly of op geen wyse in enigiets uitblink (presteer) nie. ✓ | | 1 | 1 |
| 24 | Herhalingstegniek. Die woord "niks" word herhaal. | | 1 | 1 |
| 25 | Die T-hemp met ŉ *brandende* Mickey Mouse-figuur op Arian se hemp. | | 3 | 1 |
| 26 | Die feit dat Janco sy swemsak op Arian se maag neergooi.✓ | | 1 | 1 |
| 27 | Hy noem hom "bru". Dit is slengtaal. Dit is maar hoe tieners met mekaar gesels. (Variasies daarvan is: bro, bra, boet, boetie).✓<br>Dit maak die gebeure meer geloofwaardig./ Ek as tiener identifiseer makliker daarmee. ✓ | | 1<br>4 | 2 |
| 28 | Hy weet sy ma is oor hom bekommerd omdat hy ŉ skoolberader sien en hy al moeg vir daardie idee is. ✓ | | 1 | 1 |
| 29 | ŉ Matriarg is ŉ vrou wat die gesagsposisie in ŉ familie beklee. (Arian se ouma het só ŉ streng geaardheid).✓ Juffrou Rottenmeier is ŉ haatlike en uiters streng huishoudster in die kindertelevisiereeks, *Heidi,* wat in die laat | | 1<br>2 | 1<br>2 |

| NR. | ANTWOORD | OPMERKING | DV | PUNT |
|---|---|---|---|---|
| | sewentigerjare en vroeë tagtigerjare gebeeldsend is.✓ Dit is ŉ voorbeeld van antonomasia.✓ | | | |
| 30 | Na ŉ gekrap (tekeninge) in Arian se huiswerkboek. | | 1 | 1 |
| 31 | Die Afrikaansonderwyser het eendag afgekom op ŉ tekening in Arian se huiswerkboek✓ waarin die volgende uitgebeeld is: ŉ Hand wat uit die vlamme van ŉ brandende poel vuur reik. ✓ Dan is daar ŉ kopbeen met ŉ vraagteken tussen die oë, ✓ ŉ doodskis met die woord "loser" op. ✓ Verder was daar ŉ draak op ŉ man se bors, wat hom met sy vuurasem verkool. ✓ Daar was verder ŉ spraakborrel met die woorde: "Fade out or bail out." ✓ Die skool het met Arian se ouers geskakel en daar is besluit dat hy berading moet ontvang. | | 2 | 6 |
| 32 | Die gebeure skuif van Arian-hulle se huis na Estie se slaapkamer toe. (Dit dui ŉ verandering van die verhaalruimte aan). | | 3 | 1 |
| 33 | Tannie Charlene se nuuskierigheid oor waarna Estie op haar selfoon kyk. | | 1 | 1 |
| 34 | Ironie.✓ Estie het nie eens een vriend by die skool nie, maar slegs "virtuele vriende" op wie sy beslis nie kan staatmaak nie. ✓ | | 1<br>3 | 2 |
| 35 | Dit wys terug na vroeër die dag by die skool toe Arian by Estie met dieselfde glimlag verbygeloop het.✓ | | 2 | 1 |
| 36 | Hy het pas ŉ nagmerrie gehad✓ en die aanvaarding van sy vriendskapsversoek laat hom dalk aanhoudend dink.✓ | | 3 | 2 |
| 37 | Eienaardig. ✓ Ja, want hy is ook eienaardig. Net soos sy het hy nie vriende nie./ Net soos sy pas hy nêrens in nie. ✓ | Nee is onwaarskynlik. Die motivering bepaal die punt. | 3 | 1 |
| 38 | Die maan word met ŉ vergete wit kous aan ŉ wasgoeddraad vergelyk. ✓ Ja: Arian word as buitestander gesien wat nêrens inpas nie./ Arian is nutteloos (nikswerd), want een kous beteken niks sonder sy maat nie./ Arian se pa het hom "vergeet" omdat hy die ander twee kinders voortrek.✓ | Nee is onwaarskynlik. Die motivering bepaal die punt. | 1<br>4 | 2 |
| 39 | Vuur verlos hom van vermoeiende denke./ Dit maak hom rustig en vol vrede. ✓ | | | |
| 40 | Vuur gee hom ŉ gevoel van genoegdoening/vreugde/blydskap.✓ | | 1 | 1 |
| 41 | Ja. Estie se pa noem haar "hartjie"./ Sy het die vrymoedigheid om met haar kop teen sy skouer te leun. Arian se pa praat van hom as "flentergat"./ Hy glo dat daar fout met hom is./ Hy toon nie simpatie met Arian nie.✓ | Nee is onwaarskynlik. Die motivering bepaal die punt. Albei kante, die van Estie én Arian moet genoem word. | | |
| 42 | Janco urineer in die swembad, terwyl Arian dink dit is "gross" (onbeskof). ✓ | Albei kante moet genoem word. | 2 | 1 |
| 43 | Figuurlik. Arian stap met sy oop oë, maar hy is diep ingedagte (hy dink aan dinge uit die verlede). ✓ | Die motivering bepaal die punt. | 3<br>4 | 1 |

| NR. | ANTWOORD | OPMERKING | DV | PUNT |
|---|---|---|---|---|
| 44 | Terwyl Estie na Arian se Facebook-profielfoto's kyk (p. 22), besef sy die foto's lyk na iemand s'n wat nie geken wil word nie. ✓/ Sy persoonlike inligting op sy profiel is onvolledig/onvoltooid. ✓ | | 2 | 2 |
| 45 | "Loser". ✓ (p. 20) Arian se terugbaklei steek af teen Janco se krag./ "Hy wil Janco wurg, maar hy weet hy het al klaar verloor". ✓ | | 2 | 2 |
| 46 | Die sepie "7de Laan". ✓ | | 1 | 1 |
| 47 | Die pap *slurp* die melk op. ✓ Die pap is net so gulsig soos Arian wat omtrent die hele pak ProNutro wil eet. ✓ | | 3<br>4 | 2 |
| 48 | Dit maak hom vy./ Dit laat hom vry voel. ✓ | | 4 | 1 |
| 49 | Al het hy haar reeds ontvriend op Facebook en al het hulle nog géén formele liefdesverhouding nie, raam sy Arian se foto en soen dit en plaas dit langs haar bedliggie./ Sy plak die foto's van *V for Vendetta* en *Chicago Fire* teen die muur bokant haar bedkassie.✓✓ | By ironie moet daar twee kante van die saak genoem word. | 2 | 2 |
| 50 | Nee. Arian is juis iemand wat nie geken wil wees nie./ Hy weier om sy gedagtes vir ander mense oop te maak. ✓ | Die motivering bepaal die punt. | 4 | 1 |
| 51 | Dit openbaar 'n diep begeerte van Estie dat Arian van haar sal droom. ✓ | | 3 | 1 |
| 52 | i) Sy wou sê sy én haar man is aan sy kant. Omdat Arian se pa teen hom en die berading is, sê sy per ongeluk "ek" en stel dit dan reg met "ons". ✓ Die skrywer plaas die "ons" tussen twee aandag-strepe. ✓<br>ii) Ek kry Arian jammer omdat hy besef sy ma gee voor sy pa gee ook om./ Ek is teleurgesteld as sy ma probeer jok oor Arian se pa se gevoel vir hom. ✓ | | 3<br>5 | 2<br>1 |
| 53 | Uiterlike konflik. ✓ | | 1 | 1 |
| 54 | . . . noodvoertuig. / . . . brandweerwa. ✓ | | 3 | 1 |
| 55 | Arian druk deur 'n klomp mense. ✓<br>Ten spyte van 'n polisieman beur hy tot heel voor. ✓<br>Hy kyk op na die huis. ✓<br>Sy oë is vasgenael op die "mooi vuur". ✓ | Die volgorde moet korrek wees. | 2 | 4 |
| 56 | Hierdie is 'n baie oop vraag. Enigiets soos die volgende, of iets soortgelyk is aanvaarbaar: Arian is vir Estie aantreklik en geheimsinnig. Daarom is sy sommer verlief op hom, maar Maddy is te vriendelik vir woorde. Sy weet dus nie of sy 'n betroubare vriendin sal wees nie.✓ | | 4 | 1 |
| 57 | Vuur maak Arian vry.✓ As Estie Arian agtervolg, help dit haar om uit haar lewe te ontsnap.✓ (Dit is vir albei iets bevrydend). | | 2 | 2 |
| 58 | Hy is sarkasties. ✓ | | 1 | 1 |
| 59 | Sy skakel haar selnommer om die groetboodskap te kan hoor. ✓ | | 1 | 1 |
| 60 | Oop vraag. Iets soos die volgende: O, Arian het weer iets aangevang. ✓ | Enigiets dergeliks. | 5 | 1 |

| NR. | ANTWOORD | OPMERKING | DV | PUNT |
|---|---|---|---|---|
| 61 | Die huis is bouvallig en leeg en dit spook moontlik omdat iemand glo daar vermoor is. Figuurlik is Arian se lewe eweneens bouvallig (stukkend) en leeg omdat hy nie werklik ’n doel nastreef nie. ✓<br>As “loser” het hy ’n kopbeen in sy huiswerkboek geteken, wat op spoke of die dood kan dui. ✓<br>Net soos daar baie oor die huis gepraat word, word daar oor Arian geskinder. ✓ | | 4 | 3 |
| 62 | Vonk word hier met Arian se **plan** om die huis te laat brand, vergelyk. ✓ | | 3 | 1 |
| 63 | Nee. Sy dink die petrol is vir ’n grassnyer, ’n motor wat gaan staan het, of ’n middel om ’n boom te laat vrek. ✓ Die feit dat hy dit in die tuin wegsteek. ✓ | Die motivering bepaal die punt. | 2 | 2 |
| 64 | Arian s’n. ✓ | | 4 | 1 |
| 65 | Herhalingstegniek (oor en oor). ✓<br>Voorplasing van “oor en oor”, ✓ in plaas van om die sin te begin met: “Hy doen dit . . . ” | | 2 | 2 |
| 66 | Dit is funksioneel omdat onderwysers gewoonlik hard praat soos in die geval byvoorbeeld waar osse aangemoedig of tot beweging (werkverrigting) aangespoor of gedryf word. ✓ | Die motivering bepaal die punt. | 4 | 1 |
| 67 | Sy bors is uitgestoot en dit dui op Janco. ✓<br>Hy stap met hangskouers weg, dui op hom as “loser”. ✓ | Albei kante moet genoem word om die 2 punte te verdien. | 2 | 2 |
| 68 | Nat hout. ✓ | | 3 | 1 |
| 69 | Dit is vrae wat hom seermaak (steek). ✓<br>Vals erns; hy maak of hy ernstig is. ✓ | | 1 | 2 |
| 70 | Priemende vragies. ’n Eufemisme is ’n uitdrukking wat ’n situasie of verskynsel versag. Die verkleiningsvorm van vragies laat die vrae minder erg lyk/voel. ✓ | Die verduideliking bepaal die punt. | 3 | 1 |
| 71 | Nee. As hy gedink het dit help, sou hy nie so baie planne gemaak het om voor te gee dit gaan so goed met hom nie. ✓ | Soortgelyke bewoording/formulering is ook aanvaarbaar.<br>Die motivering bepaal die punt. | 4 | 1 |
| 72 | In sy oë kom lê ’n “onthou, ’n probeer vergeet.” ✓ | Onthou en vergeet moet albei daar staan. | 3 | 1 |
| 73 | Hy wil eerder voor die TV eet en reekse oor verminktes of moorde kyk, want aan tafel is hy verplig om met die ander lede van die gesin te gesels (kommunikeer).✓ | Die rede bepaal die punt. | 3 | 1 |
| 74 | Hy is waarskynlik bly dat Pa nie vir Janco ’n motor wil koop nie. ✓ | | 1 | 1 |
| 75 | Sy pa wil voor almal aan etenstafel weet hoe sy berading verloop. ✓<br>Sy ma kritiseer hom omdat hy sy mond met sy hand en nie ’n servet nie, afvee. ✓ | | 1 | 2 |

| NR. | ANTWOORD | OPMERKING | DV | PUNT |
|---|---|---|---|---|
| 76 | Hy gaan nie die privaatste aangeleenthede van sy lewe aan die gesinslede bekend maak en hom sodoende bespotlik maak nie.✓ | | 4 | 1 |
| 77 | Dit is baie effektief dat "brand" gebruik word. Dit sluit nie net aan by die titel van die roman nie✓, maar sluit aan by die talle kere waar daar na vuur of brand verwys word.✓ Dit skep ŉ besondere eenheid in die verhaal✓ | Die motivering(s) bepaal die punte. | 5 | 3 |
| 78 | Janco is vermakerig oor Arian se blokfluitles. Hy gee byvoorbeeld ŉ snorklag en stamp aan Liny om reaksie te kry. ✓ Liny dink glad nie dit wat hier gebeur is snaaks nie. ✓ | Albei kante is nodig om die teenstelling toe te lig en om die 2 punte te verdien. | 2 | 1 |
| 79 | Rinkel. ✓ | | 1 | 1 |
| 80 | Soos ŉ dier in sy hok op en af loop, loop Arian op en af (heen en weer) voor sy bed. ✓<br>Ja (dit is effektief), want Arian voel vasgekeer in sy omstandighede. ✓ | Albei kante van die vergelyking moet genoem word. Die motivering bepaal die punt. Nee (oneffektief) is onwaarskynlik. | 3<br>4 | 2 |
| 81 | In hom bruis ŉ opwinding binne die woede.✓ | *Opwinding* en *woede* moet albei genoem word. | 2 | 1 |
| 82 | Dit is Estie.✓ Ja, want hy hardloop baie vinnig weg. | Die motivering bepaal die punt. | 2<br>3 | 2 |
| 83 | Onwaar.<br>Hy het weggehardloop./ Hy het nie die huis aan die brand gesteek nie. ✓<br>Dit pas by die woord "loser" wat hy in sy huiswerkboek geskryf het. ✓ | Die motivering bepaal die punt. Waar is onwaarskynlik. | 3<br>4 | 2 |
| 84 | Dit laat hom goed (vry) voel. Op pad na die boom toe is daar ŉ glimlag op sy gesig./ Sy bloed pols baie wild deur sy are./ Dit voel of hy nuwe lewe kry./ Hy kyk met verwondering na die vuur. ✓✓ | Die motivering van die antwoord bepaal die punte.<br>Noem 2 sake. | 2 | 2 |
| 85 | ŉ Middag toe Arian se ma hom ŉ geleentheid huis toe gegee het en hy uit woede uit die motor geklim het.✓ Net daarna (p.64-660) het hy ŉ sirene gehoor. Dit was die brandweerwa op pad na ŉ brandende huis toe. ✓ | | 2 | 2 |
| 86 | Dat dit hý is wat die boom aan die brand gesteek het. | | 3 | 1 |
| 87 | Omdat sy Arian skelm afneem. ✓ | | 1 | 1 |
| 88 | Estie wil rook, maar haar pa en tannie Charlene mag dit nie weet nie. ✓ In ŉ mate voel Estie tot Maddy as vriendin aangetrokke, maar sy wil dit nie openlik erken nie. ✓ | | 3 | 2 |

| NR. | ANTWOORD | OPMERKING | DV | PUNT |
|---|---|---|---|---|
| 89 | Arian se pa word met ŉ krokodil wat hoofpyn het, vergelyk. ✓<br>Dit is geslaag, want ŉ krokodil (groot en gevaarlike reptiel) met hoofpyn sal sekerlik baie geïrriteerd en uiters gevaarlik wees. Vroeër in die verhaal het sy pa hom aggressief aangeval en dit kan nou moontlik weer gebeur. ✓ | Albei kante van die vergelyking is noodsaaklik en Verdien, indien korrek, reeds ŉ punt.<br><br>Soortgelyke formulerings van die motivering is ook aanvaarbaar.<br>Die motivering bepaal die punt. Onfunksioneel is onwaar-skynlik. | 2 | 1<br>1 |
| 90 | Ja.<br>Omdat Estie Arian se huis (slaapkamer) onwettig betree✓ en enige oomblik betrap kan word. ✓/ Daar is ontwikkeling (progressie; beweging van buite af tot ín Arian se persoonlike lewe) wat help om spanning te skep. ✓ | Nee is onwaarskynlik. Die motivering bepaal die punt.<br>Enige 2 gepaste bewyse/motiverings. | 5 | 2 |
| 91 | Die ellips (stippels). ✓ | | 1 | 1 |
| 92 | Sy buitengewone strewe om privaat te wees. Op sy FB-status staan daar: "Daar is twee reëls in die lewe: 1. Moet nooit al die inligting gee nie. (p. 32) / Geen inligting op sy FB-profiel is voltooi nie. (p. 22) | 1 Motivering is voldoende. Die motivering bepaal die punt. | 4 | 1 |
| 93 | Estie moet asseblief tog net nie in sy en Janco se kamer opgooi nie. ✓ | | 3 | 1 |
| 94 | Want hy besef nou Estie weet hy is mal oor vuur./ Hy besef nou Estie weet alles van hom af. ✓ | | 2 | 1 |
| 95 | "Hy het doerie tyd al gedink sy is vreemd." ✓ | | 1<br>3 | 1 |
| 96 | Op ŉ skietbaan word daar na skywe geskiet en vernuf is belangrik./ Mense op ŉ skietbaan is deel van die realiteit/werklikheid./ Rus word versteur deur die geklap van skote.<br><u>Hierteenoor</u>: Wanneer daar ŉ *romantiese atmosfeer* heers, is daar moontlik kerslig, sagte musiek of blomme by betrokke en ŉ dromerige atmosfeer heers dan.<br>Die **raakpunt** tussen die skietbaan en die kerrie-restaurant is dus dat in albei gevalle geen plek vir dromerigheid is nie. ✓ | Die leser moet by die raakpunt tussen die twee situasies vir die punt uitkom. | 3<br>4 | 1 |
| 97 | Die *hele skool* is vanoggend op die skoolvierkant. ✓<br>Wanneer een saak genoem word en iets anders wat baie nou daarmee verband hou, bedoel word. Hier word "skool" genoem, maar leerders/leerlinge word bedoel. ✓ | | 1 | 2 |
| 98 | Die hoof onderbreek met ŉ laaste afkondiging. ✓ | | 1 | 1 |
| 99 | Maddy wil die waarheid vir Estie sê en wil haar nie daardeur ontstel of ontmoedig nie. ✓ | | | |
| 100 | In gevalle waar Engelse idiome direk vertaal word, noem ons dit anglisisties. ✓ Die Engelse idioom is: "to prick someone's bubble". En dit beteken om met die waarheid na vore te kom of om iemand teleur te stel. Binne hierdie konteks is Maddy eintlik besig om | | | |

| NR. | ANTWOORD | OPMERKING | DV | PUNT |
|---|---|---|---|---|
| | Estie met die waarheid oor Arian in te lig of te skok: Hy is nie die romantiese tipe/soort ou nie.<br>Beter idioom: Om koue water op iemand se planne te gooi: ✓ om iemand te ontmoedig/moedeloos/negatief te maak. | | 4 | 2 |
| 101 | Hy wil nie na haar kaal skouers kyk nie. ✓ Hy sê nie Estie lyk mooi nie, maar sê: "jy lyk nie lelik nie." ✓<br>Sy tekkies het nog moddervlekke aan. ✓<br>Sy denim se pype is te lank. ✓<br>Sy T-hemp is gekreukel✓ en sy hare deurmekaar. ✓ | | 1 | 6 |
| 102 | Ja. Hy praat Chinees en dit klink onverstaanbaar/vreemd vir Arian en Estie.✓ | Die motivering bepaal die punt. Nee is onwaarskynlik. | 3 | 1 |
| 103 | Sy kry Arian intens jammer✓ en steek haar hand in syne en soen sy vingers.✓ Sy besluit om vir Arian 'n present/geskenk te koop.✓ | | 2 | 3 |
| 104 | Die feit dat hy nie vir Estie iets koop nie.✓ | | 1 | 1 |
| 105 | Hulle gesels oor die musiek waarvan hulle albei hou (Die van Twenty One Pilots en The Dead Weather). | | 1 | 1 |
| 106 | Estie vertel van haar ma se siekte en dood.✓<br>Arian vertel wat van vuur hom fassineer, nl. dat dit kragtig en misterieus is. ✓Daarna vee Estie die selfie van die brandende boom van haar selfoon af.✓<br>Sy erken sy hou van Arian omdat hy anders (ongewoon) is en dit haar aantrek.✓ Arian gee toe dat hy 'n alleenmens is omdat min mense hom ken.✓<br>Hy erken dat hy 'n berader sien. ✓ | | 2 | 6 |
| 107 | Dit weerspieël Estie se gedagtes oor hoe Maddy haar oor die afspraak gaan uitvra. ✓ | | 1 | 1 |
| 108 | 'n Nuwe, skoon begin✓ en hoop✓ op beter dinge. | | 1 | 1 |
| 109 | Hy wil iemand wees (hy wil hê ander mense moet hom ken of van hom weet). ✓ | | 1 | 1 |
| 110 | Hy voel hy het te veel van sy innerlike verklap (nl. dat hy verworpe voel en bang is hy "raak weg").✓ | | 3 | 1 |
| 111 | Dit sinspeel op wat in Arian se gedagtes omgaan.✓ | | 1 | 1 |
| 112 | Sy voel meer selfversekerd oor hulle "verhouding" na die afspraak.✓ | | 4 | 1 |
| 113 | Sy is bang dat geen ou (kêrel) eendag van haar sal hou nie./ Vroeër het sy al besef sy is al in graad 11 en geen ou het haar nog ooit 'n drukkie gegee of gesoen nie. ✓ | | 1 | 1 |
| 114 | Ja.<br>Ouma hou nie van hom nie./ Ouma glo hy is 'n verleentheid vir die familie./ Ouma behoort te onthou hy het die gesprek oor hom die vorige keer afgeluister toe hulle hom bespreek het. ✓ | Nee is onwaarskynlik. Die motivering bepaal die punt. Slegs 1 motivering is nodig. | 3 | 1 |
| 115 | Hy gooi Janco se flip-flops in die braaivleisvuur. ✓<br>Nee, want hy maak Arian liggaamlik seer./ Hy noem hom 'n sot ("loser")./ Hy spot met hom en Estie se assosiasie met mekaar. ✓ | Ja is onwaarskynlik. Die motivering bepaal die punt. Die eerste deel van die vraag se antwoord is onafhanklik van die Ja/Nee en motivering). | 1<br>4 | 2 |
| 116 | Uiterlike konflik. ✓ | | 3 | 1 |
| 117 | Onwaar. ✓ | | 3 | 1 |

| NR. | ANTWOORD | OPMERKING | DV | PUNT |
|---|---|---|---|---|
| 118 | Die uitroepteken✓ en herhalingstegniek. ✓ | | 1 | 2 |
| 119 | In die Lucky Kim's Chinese Shop. ✓ | | 1 | 1 |
| 120 | B. ✓ | | 3 | 1 |
| 121 | Estie wou die vrede tussen haar pa en tannie Charlene bewaar. ✓ | | 3 | 1 |
| 122 | Estie se pa. ✓ "maar tannie Charlene bly." ✓ | | 1<br>3 | 2 |
| 123 | Haar pa en tannie Charlene hoort nie bymekaar nie, maar bly saam. ✓ Sy en Arian wat by mekaar hoort, kom nie by mekaar uit nie. ✓ | | 2 | 2 |
| 124 | Hierdie is die eerste en enigste boodskap wat sy tot dusver vir haar laat. ✓ | | 2 | 1 |
| 125 | Arian sien die lig in Estie se kamer brand, maar hy staan net daarna en kyk sonder om iets te doen. ✓ | | 1 | 1 |
| 126 | Vuur interesseer hom geweldig baie.✓ | | | |
| 127 | Ja. Arian is al so baie deur Janco verneder./ Janco het Arian al baie keer liggaamlik mishandel./ Arian en Janco is lankal nie meer die "buddies" wat hulle aanvanklik was nie. ✓ | Die motivering bepaal die punt. Net 1 motivering is voldoende. | 4 | 1 |
| 128 | (hierdie) sirkus. ✓ Dit dui op die verwarring/onordelikheid/harwar wat tans heers as gevolg van Janco se ongeluk. ✓ | Geen punt indien die verklaring foutief of onvanpas is nie. Geen punt indien die metafoor nie korrek aangedui is nie. | 2<br>3 | 2 |
| 129 | Daar is breinbeserings en sy nek is by die C4- en C5-werwels gebreek. ✓ | | 1 | 1 |
| 130 | Op Arian se T-hemp staan: "Don't fear the reaper" (moenie die Doodsengel vrees nie). ✓ Die oorspronklike humor daaraan verbonde is op hiérdie plek en hiérdie stadium glad nie snaaks of gepas nie, want Janco se lewe is in gevaar. ✓ | Albei kante moet genoem word, nl. die humor teenoor die huidige erns. | 1<br>3 | 2 |
| 131 | Ek dink jy moet, seun. ✓ | Aanhalingstekens is nie nodig nie. | 1 | 1 |
| 132 | In sy gedagtes is hy bekommerd dat Janco dalk kan doodgaan. ✓ | | 1 | 1 |
| 133 | Die maskeerbandstreep op die vloer in hulle kamer word in verband met Janco se moontlike dood gebring. ✓ As die hart gaan staan, wys dit net 'n reguit streep (lyn) op die pasiënt se hartmonitor. ✓ | | 3 | 2 |
| 134 | Hy druk Arian se hand ✓ en daar is trane in sy oë ✓ (hy huil). | | 1 | 2 |
| 135 | 'n Onderwyser het eenmaal oor sy rapport gesê dat daar nie 'n druppel hoop vir Arian is nie. (Die onderwyser het hom ongelukkig met Janco en Liny vergelyk). ✓ | | 1 | 1 |
| 136 | Die feniks. ✓ In oomblikke wanneer die wêreld om jou brand, ✓ moet jy soos die feniks uit die as opstaan en 'n nuwe lewe begin. ✓ | | 2 | 3 |
| 137 | Ja. Arian sien vuur as lewe (die begin van nuwe lewe) soos die ou Asteke geglo het. | Die motivering bepaal die punt. Jy hoef nie jou motivering woordeliks so aan te bied nie. Nee is onwaarskynlik. | 4 | 1 |

| NR. | ANTWOORD | OPMERKING | DV | PUNT |
|---|---|---|---|---|
| 138 | Tannie Charlene is weg uit haar en haar pa se lewens. ✓ | | 1 | 1 |
| 139 | Sy besluit om op te hou rook. ✓<br>Sy verwyder al haar “onbekende vriende” op Facebook en Instagram. ✓<br>Sy besluit om later by die huis Arian se foto’s teen haar muur te verwyder omdat dit “gesteelde” (skelm) foto’s is. Sy wil niks meer agter sy rug (sonder sy medewete) doen nie. ✓ | | 2 | 3 |
| 140 | Hy steek ’n vuurpyl vir Janco aan die brand. ✓ | | 1 | 1 |
| 141 | Seer glimlaggie. ✓ | | 1 | 1 |
| 142 | Hy gee vir haar ’n Bar One. ✓ | | 1 | 1 |

## 9 PARAGRAAFTIPE VRAE

Benewens die kortvrae moet jy in staat wees om opsteltipe vrae te beplan en te beantwoord.

Hou altyd die volgende in gedagte by die beantwoording van ’n opstelvraag oor die letterkunde. Jy moet eerstens die boek baie goed ken. Dan is dit belangrik om jou opstel deeglik te beplan. Onderstreep kernwoorde in die vraag en gebruik dit in jou beplanning.

Nasieners tel *nooit* die getal feite wat jy in jou antwoord aanbied nie omdat daar nagesien word op grond van die *gemotiveerde feite* al dan nie, wat jy noem. In elke geval waar jy iets oor ’n karakter of gebeurtenis sê, moet jy ’n “want”-gedeelte daarmee saamgee. Lg. verseker dat die nasiener kan sien jy kén die boek/verhaal/teks.

Elke opstel moet ’n behoorlike inledingsparagraaf en slotparagraaf hê. Die inleidingsparagraaf sluit meestal aan by die gestelde vraag se bewoording en die slotparagraaf dien as deeglike afsluiting. In gevalle waar jou eie mening aan die einde van die opstel verlang word, is dit voldoende om daarmee af te sluit. Dit is baie belangrik om die opstel in *verskillende paragrawe te skryf* sodat jy nie onnodig punte vir Taal en Styl sal verloor nie.

Indien jy van aanhalings in jou opstel gebruik maak, moet dit korrek wees. Leer dus ’n paar gepaste aanhalings uit jou kop.

Letterkundige opstelle word aan die hand van ’n spesifieke nasienrubriek geassesseer wat hierby ingesluit is. Die lengte van die opstel hang van die betrokke graad af:

Graad 10: 300 tot 350 woorde
Graad 11: 350 tot 400 woorde
Graad 12: 400 tot 450 woorde

**Voorbeeldvraag:**

Arian Foster is ’n bleeksiel en buitestanderfiguur. Soos hy mettertyd in die verhaal ontwikkel, gee dit daartoe aanleiding dat sy buitestanderskap uiteindelik opgehef word. Skryf ’n opstel van *400-450 woorde waarin jy hierdie stelling toelig en bepaal wat uit sy verlede hom ’n buitstander kon maak. Verduidelik of Arian ook karakterontwikkeling sou ondergaan het indien Janco nie in ’n fratsongeluk was nie en motiveer jou antwoord.

(25)

(* Maak gebruik van die getal woorde wat by jou graad pas!)

**(25)**

**Voorgestelde antwoord:**

Sleutelgedagtes (vir jou beplanning/breinkaart)

Arian Foster; buitestander; bleeksiel; karakterontwikkeling; oorsaak en gevolg.

| **FEIT** | **MOTIVERING(S)** |
|---|---|
| Inleidingsparagraaf:<br>Ons leer Arian Foster as buitestanderfiguur ken. Met verloop van tyd vind daar dinge in sy lewe plaas wat sy buitestanderskap beëindig. Dit lyk asof hy ’n nuwe blaadjie omslaan. | |
| ’n Buitestander is ’n mens wat ’n eenkantbestaan voer en dit moeilik vind om met die waardes/tradisies van die groep of groepe waartoe hy/sy kon of moes behoort, te identifiseer. | Toe sy pa hom aan tafel die aand voor almal beledig, erken hy dat hy nie eers tuis in sy eie huisgesin voel nie./ Hy neem nie aan buitemuurse aktiwiteite by die skool deel nie./ Hy kan hom nie vereenselwig met Thomas se idee van pret as hy meneer Britz se algebra-les ontwrig nie. |
| ’n Buitestanderfiguur is ’n *soeker* omdat hy *onseker* van homself en die wêreld is.<br><br>Hy maak sy *onsekerheid* in ’n gesprek met juffrou Jonkers bekend.<br><br>Sy onsekerheid kom duidelik na vore in sy verhouding met Estie.<br><br>Teenoor Janco in die hospitaal tree hy onseker op. | Arian is op soek na sekerheid in sy onseker wêreld. Hy aanvaar Estie se Facebook-uitnodiging, maar ontvriend haar omtrent onmiddellik daarna. Hy glo mense wat Facebook-vriendskappe het se koppe “raas” omdat dit nie ware vriendskap is nie./ Arian soek altyd na dinge wat hy weet nié bestaan nie. Vuur het nie ’n skaduwee nie en tog soek hy na die skaduwee daarvan in sy handpalm.<br>Hy erken dat geen mens hom ken nie. Hy voel soos iemand op die oopsee wat onopsigtelik besig is om te verdrink./ Hy begeer om van geweet te word; hy wil dus graag “iemand” wees./<br><br>Meer as een keer is hy en Estie byna in ’n omhelsing betrokke, maar dan kry hy koue voete daarvoor./ Na Arian en Estie se uitstappie die dag toe hulle pizza geëet het, kom kuier sy by hom. Toe hy haar buitekant die huis gewaar, sê hy sy moet hom voortaan uitlos.<br>Na Janco se operasie wil hy graag na sy bed toe gaan, maar iets anders skop vas en weerhou hom daarvan. |
| Arian beklemtoon graag self sy andersheid. | In die wiskundeklas word dit duidelik dat Arian anders is en aandring op die uitspraak van sy naam sonder die “d”./<br>Sy Facebook-profielfoto is donker. Hy het ’n misterieuse trek om sy mond en uittartende kyk./ Van sy statusse is: *Kopdokter*.<br>*Brand. Vlam. Vuur. Ekke* en *Ondergang. Ondergrond.*/ |
| Arian se voornaam sê iets van sy buitestanderskap. | Sy naam is duidelik anders as die verwagte/normale *Adrian*. Hy dring in die wiskundeklas aan om korrek aangespreek te word. |
| Omdat hy anders is, is hy op sy privaatheid gesteld. | Hy ontvriend Estie gou op Facebook omdat dit haar kans gee om in sy privaatheid te kom krap./ Toe hy Estie uitvang dat sy alles oor sy vuurgeheime weet nadat sy in sy goed gekrap het, besef hy dit is ’n siek spul wat hy nooit verwag het nie./ Ván die kommentaar op sy Facebookblad handel oor die twee reëls in die lewe: *1 Moet nooit al die inligting gee nie, en swaartekrag suig*. |
| Sy buitestanderskap kom moontlik al uit sy laerskooldae. | Toe hy, sy pa en Janco in die veld uitgekamp het, het Arian al besef hy is anders as die ander./ Hy vertel vir |

| FEIT | MOTIVERING(S) |
|---|---|
| | juffrou Jonkers hoe ’n onderwyser eendag sy rapport vir hom gegooi het en die opmerking gemaak het dat daar geen hoop vir hom is nie. Hy het hom met sy presterende broer en suster vergelyk. |
| Ongelukkig het hy daardie woorde ter harte geneem. | Hy beskou hom dikwels self as “alien” (verworpene) ./ Hy teken somber prentjies in sy huiswerkboek./ Sy broer, Janco, noem hom ’n idioot en “loser”. |
| Arian het donkerbruin hare, maar sy uiterlike voorkoms vertoon bleek. | Anders as Liny en Janco met hulle sonbruinlywe, is Arian so bleek soos maanlig./ Estie beskryf sy vel as seepbleek. |
| Arian se uiterlike bleekheid suggereer heel moontlik dat hy ŉ tipiese bleeksiel, ŉ oninteressante, swak persoon is. | Aan die begin van die roman dink Arian aan homself in graad agt terug as ’n “bleek” outjie met donkerbruin hare./ Janco wen hom altyd as daar ŉ geveg tussen hulle twee is omdat hy liggaamlik swakker as sy broer is./ Arian loop omtrent altyd koponderstebo./ Sy pa verwys na hom as *flentergat*./ Arian se ouma sê hy is ŉ klad op die familie se naam. Hy doen niks in vergelyking met Liny en Janco nie, en is ŉ *losbol.* |
| Aanvanklik raak Janco se ongeluk hom nie. | Hy is nie lus om deel van die *sirkus* te word (toe almal se koppe so deurmekaar oor die ongeluk was) nie./ Vir Liny sê hy hy is jammer oor die ongeluk en laat weet groete vir hom. |
| Na afloop van Janco se operasie verander dinge. | Die slegte nuus word bekend dat Janco verlam is en in Arian se binneste weergalm die gedagte: “*Wat as Janco regtig doodgaan*?” |
| Tydens Arian en Estie se afspraak (“date”) begin hy sy diepste innerlike ontbloot. | Hy sê dat hy die skoolberader spreek. |
| Juffrou Jonkers het uiteindelik tog ’n goeie invloed op Arian. | Sy leer hom dat hy vir homself moet begin praat en nie toelaat dat ander namens hom praat nie.<br>Na die ongeluk/Janco se operasie troos sy Arian in die hospitaal se tuin./ Sy sê sy wil vir hom ’n nuwe etiket gee./ Sy inspireer Arian met die legende van die feniks./ Sy laat hom toe om te huil en ŉ nuwe identiteit te skep. |
| Arian se pa se woorde in die hospitaal het versoeningswaarde.<br><br>Janco neem die versoeningsinisiatief. | Hy sê vir Arian: “Ek dink jy moet, seun.” Dit lei daartoe dat Arian na Janco se hospitaalbed toe gaan.<br><br>Janco se hand soek na Arian s’n en hulle raak mekaar aan; daarna huil albei. |
| Die jarelange swak verstandhouding tussen die twee broers word beëindig. | Arian verwyder die maskeerband in hulle slaapkamer. |
| Arian besluit om nuut te begin en glo *vuur* sal sy nuwe lewe inlui. | Hy gaan haal Estie, vat haar hand en lei haar die nag in om die ou huis aan die brand te gaan steek.<br>Hy verduidelik aan haar dat vuur nuwe lewe beteken (veronderstel). |
| Hy dra sy nuwe lewe aan Janco op. | Die eerste vuurpyl stuur Arian vir Janco op. |
| Aan die einde is Arian se buitestanderskap opgehef. | Vir ’n oomblik bly lê Arian en Estie in mekaar se arms, hygend na asem en Arian is skielik intens bewus van Estie se nabyheid. |
| As Janco nie in die ongeluk was nie, sou Arian se karakter nie kon ontwikkel nie. | Janco se ongeluk het iets diep in Arian se binneste wakker gemaak, want vir die eerste keer hy het begin vrees dat Janco dalk kon doodgaan.<br><br>As Janco nie in die ongeluk beland het nie, sou nóg hy, nóg juffrou Jonkers saam in die hospitaaltuin beland het. Dit is immers dáár en tóé wat die deurslaggewende gesprek oor Arian se nuwe begin plaasgevind het. Dit is *onwaarskynlik* dat ŉ mens hier ŉ “nee”-opsie as antwoord kan kies. |
| Slotparagraaf | |

| FEIT | MOTIVERING(S) |
|---|---|
| Die eie mening behoort in hierdie opstel ’n voldoende slotparagraaf te wes. | |


## 10 VERRYKINGSAKTIWITEITE


Beantwoord een of meer van die volgende opdragte. Die lengte van die skryfstuk is 180-200 woorde vir graad 10-12 (10.1 en 10.2):

10.1 Skryf ’n koerantberig vir die plaaslike dagblad waarin jy verslag doen oor die onverklaarbare brand van ’n boom in ’n stuk veld naby ’n hoop klippe en baie gras.

10.2 Maak ’n dagboekinskrywing oor twee of drie dae wat Estie sou maak die aand toe sy bemerk het dat Arian haar op Facebook ontvriend het.

10.3 Voltooi die blokkiesraaisel wat op die volgende bladsy gedruk is:






## LEIDRADE:

### DWARS:

3 Na die ongeluk is Janco _________.

5 Die woorde wat op Arian se T-hemp staan wat hy in die hospitaal gedra het, is __________.

6 Die vuurpriesters van die ______ het elke 52 jaar verseker dat die heelal nog sal voortbestaan.

10 Arian versteek die kannetjie petrol agter ŉ _________-kas nadat hy die boom aan die brand gesteek het.

11 Iewers in ŉ kamer staan daar ook ŉ vergete _________.

12 In die ou huis se hoofslaapkamer lê ŉ ou _________.

14 Die Prinses van Donkerte se naam:

15 Estie se ma is aan _____ oorlede.

17 Daar is nog ________ aan Arian se tekkies toe hy Estie vir die afspraak kom haal het.

19 Net soos die ________ kry Arian die krag om uit sy mislukking op te staan.

20 Die naam wat Janco Arian soms noem.

21 Vir Estie is dit verblydend om te sien haar pa dra weer die _________.

23 Die tannie se naam wat by Estie se pa woon.

25 Die tannie wat Estie geklap het, dra _______ aan omdat sy daaroor skuldig voel.

27 Arian se laaste ontmoeting met die berader was in die hospitaal se____________.

28 Maddy vergelyk Estie met ŉ tweekoppige _________.

28

### AF:

1 Die tema van die roman sentreer om ___________.

2 Omdat hy kan, verbrand Arian sy broer se ____________.

3 Die __________ het daarvoor gesorg dat Arian nie die ou huis aan die brand steek nie.

4 Met _______ se dood was daar blomme in hulle huis, maar nooit weer daarna nie.

7 Maddy se van is: ___________.

8 Die laaste vuurpyl wat die twee opstuur was op hulle ___________ se geluk.

9 Die ou vervalle huis staan in ________.

13 Estie neem haar aan die einde voor om op te hou _______.

16 Die Chinese winkel se rakke is vol ________ gemors.

22 Arian se grootste droom is om van ________ te word.

24 Voltooi: *Vlam, vuur*, _____.

26 Juffrou ___________ gee Afrikaans.

## 11 WOORDVERKLARINGS MET BLADSYVERWYSINGS

| WOORD/FRASE | BL. | VERDUIDELIKING BINNE KONTEKS |
|---|---|---|
| Alien. | 30,161,163 | Vreemde wese / uitgeworpene / buitestander. |
| Areion. | 8 | Poseidon se perd se naam. Dit klink baie na Arian. |
| Asteke. | 70<br>209 | Dit is ’n beskawing wat tussen ongeveer 1200 en 1520 in die huidige Meksiko bestaan het. Die Asteke was oorlogsugtig en is bekend vir hul ingewikkelde godsdienstige gebruike, byvoorbeeld die gebruik om mense te offer. |
| Bru. | 17 | Broer/boetie. |
| Buddies. | 13 | Vriende / maats. |
| Case. | 41 | Geval / situasie / probleem. |
| Cleavage. | 127 | Borsspleet, veral sigbaar by klere wat aan die voorkant baie laag is. |
| Clutch. | 98 | Koppelaar. |
| Date. | 11,52,<br>143,149 | Afspraak; veral tussen ’n seun en ’n meisie. |
| Drag. | 67 | Om ’n trek aan ’n sigaret te neem. |
| Euforiese gevoel. | 114 | ’n Gevoel van selftevredenheid of welbehae. |
| Dude. | 11 | Informeel vir ou/man/windmaker (fat). |
| “Fade out or bail out.” | 20 | As iets “fade” word dit geleidelik minder, soos bv. ’n vuurtjie wat uitgegbrand het en self doodgaan en yskoud word. “Bail out” dui daarop om jou aan ’n situasie of omstandighede te onttrek; om dus onbetrokke of ’n buitestander te wees. |
| Feniks. | 201 | ’n Simbool van onsterflikheid (p. 16 bespreek). |
| Flentergat. | 21 | ’n Persoon sonder enige doelwitte in die lewe. |
| Flip-flops. | 120,171,<br>172,198 |  Gemaklike, informele inglysandaal. |
| Freak haar uit. | 127 | Dit maak haar kwaad / mal. Dit laat haar beheer oor haar emosies verloor. |
| Helse scheme. | 14 | Om ’n hoë dunk van jouself te hê. |

| WOORD/FRASE | BL. | VERDUIDELIKING BINNE KONTEKS |
|---|---|---|
| Hoodie. | 182 |  ’n Sweetpak met ’n hoedjie daaraan vas. |
| Jock. | 145 | ’n Jock is stereotipies van ’n atleet, of iemand wat baie in sport geïnteresseerd is. Dit verwys normaalweg na jong, manlike hoërskoolleerders. |
| Joe Manganiello | 127 | Aantreklike Amerikaanse akteur. |
| “Jy is deel van sy tribe, deel van sy vibe.” | 185 | Die beste Afrikaanse idioom waarmee dit vertaal kan word, is om “voëls van eenderse vere” te wees. Jy moet net soos ’n ander persoon kan word, om deur hom/haar aanvaar te word. |
| Kopspin. | 188 | Baie soos om in ’n “flat spin” te wees; deurmekaar/verward. Ook om die kluts kwyt te wees. |
| Laities (meervoud). | 20 | Informele manier om na ’n jong man te verwys. |
| Matriarg. | 19 | ’n Matriarg is ’n vrou, dikwels ouerig, met ’n magsposisie en tree dikwels as die hoof van haar gesin of familie op. |
| Om iemand se borrel te bars. | 148 | Dit is ’n direkte vertaling van die Engelse uitdrukking: “To prick the bubble” en beteken om iemand met die waarheid te ontnugter (ontstel), of om iemand se droom (hoop) weg te neem (ongedaan te maak). |
| Poseidon. | 8 | Die Griekse god van die see, perde en aardbewings. Baie van sy kinders was perde soos die onsterflike Areion (verwant aan die naam Arian. (p. 8) |
| Reaper. | 191 | Die doodsengel. |
| Rottenmeier (Juffrou). | 19 | Die baie streng (kwaai) en onmenslike huishoudster in die kinderverhaal, “Heidi”. |
| Scinny jeans. | 176 | ’n Baie noupassende denimbroek. |
| Shrink. | 157 | Sielkundige / kopdokter / berader. |

| WOORD/FRASE | BL. | VERDUIDELIKING BINNE KONTEKS |
|---|---|---|
| Sitcom. | 98 | ŉ Situasiekomedie. Dit is ŉ TV-reeks vol komiese (humoristiese) situasies waarin dieselfde karakters episode na episode optree. |
| Skyscraper. | 160 | Wolkekrabber (uitermatig hoë gebou). |
| Slipknot. | 122 | ŉ Amerikaanse rockorkes / metaalorkes. |
| Snazzy. | 52 | Informele woord vir stylvol of aantreklik. |
| Stalk. | 140,169 | Dit is om iemand in die geheim te agtervolg. |
| Stuff. | 8,31,59, 139 | Goed/dinge. |
| Tove Lo. | 206 | Sweedse sangeres en liedjieskrywer. |
| Weird(erige). | 29 | Vreemde / eienaardige / snaakse persoon. |
| Wheelie. | 98 | Om die wiele te laat draai; hier: Om die motor te laat loop. |

# 12 GLOSSARIUM

| | |
|---|---|
| Antitese | Kyk by stylfigure. |
| Asterisk. (KABV. p. 106) | Dit is ŉ sterretjie (*) in skryf- of drukwerk om na "iets" te verwys. Hierdie iets kan byvoorbeeld ŉ "wending" in ŉ gedig wees, of in prosatekste kan dit ŉ *tydsverloop* of die een of ander vorm van verandering / wysiging in die vertelling aandui. |
| Beeldspraak | Die begrip beeldspraak kan omskryf word as *figuurlike* of *oordragtelike* taalgebruik; d.w.s. 'n voorwerp of emosie word in *figuurlike* (oordragtelike) terme uitgedruk.<br>Hoe ontstaan 'n beeld in taal? Dit gebeur wanneer die digter/skrywer 2 uiteenlopende sake (dinge) met mekaar in verband bring byvoorbeeld die geur van 'n geknakte nartjieskil en die geur van 'n vrou. Beeldspraak word gebruik om groter trefkrag aan dit wat gesê word, te gee. Dit kan verder die funksie hê om dít wat gewoon is *bo* die alledaagse te verhef. 'n Mens kan bv. sê: "die mens is nietig", maar Jesaja sê dieselfde deur van beelde gebruik te maak: "Kyk, die nasies is soos 'n druppel aan die emmer, en soos 'n stoffie aan die weegskaal word hulle gereken. Kyk, Hy hef die eilande op soos 'n stoffie." (Jes. 40: 15). Die skrywer kan van verskillende tipes beeldspraak gebruik maak om die kommunikasie van die teks te *verryk*. Die bekendste vorme is die *vergelyking*, die *metafoor* en *personifikasie*.<br>1) Vergelyking<br>'n Vergelyking ontstaan wanneer 'n skrywer twee sake van uiteenlopende aard op grond van 'n |

| | |
|---|---|
| | enkele ooreenkoms (raakpunt) met mekaar vergelyk. Die verbindingswoord "soos" is hier belangrik. Wanneer die soos weggelaat word, is dit nie meer 'n vergelyking nie, maar 'n metafoor.<br>2) <u>Metafoor</u><br>'n Metafoor ontstaan wanneer die skrywer op grond van die ooreenkoms tussen 2 sake van uiteenlopende aard nié die twee sake langs mekaar stel nie, maar die een direk in die plek van die ander gebruik. In byvoorbeeld: "Ryk Neethling swem soos 'n blits" het ons met 'n vergelyking te doen, maar in: "Kyk net hoe swem die blits", dui "blits" op Ryk Neethling wat so vinnig swem. Blits is hier dus 'n metafoor.<br>3) <u>Personifikasie</u><br>Personifikasie ontstaan wanneer daar aan die natuur, lewelose voorwerpe, diere en abstrakte begrippe die eienskappe en handelinge van lewende wesens gegee word.<br>4) <u>Metonimia</u><br>Dit is die verskynsel waar een woord vervang word met 'n ander woord op grond van die verband wat tussen albei woorde bestaan. As ek sê: "Die ketel kook", bedoel ek eintlik dat die water *in die ketel* kook.<br>5) <u>Antonomasia</u><br>Dit staan eweneens as *naamsverwisseling* bekend. Daar is voorbeelde van antonomasia uit die Bybel, bv. 'n Job en 'n Goliat. Uit die mitologie: Venus, Bacchus, Mammon, ens. |
| Dramatiese ironie | Dit is 'n ironiese situasie (berus dus soos by ironie op 'n teenstelling) waar een van die karakters onbewus is van die werklike situasie (toedrag van sake) terwyl die leser oor meer kennis beskik. Dit veroorsaak altyd spanning. Dink aan die wiskundeklas waar Thomas die dataprojektor oorneem sonder dat die onderwyser daarvan bewus is, maar die hele klas daarvan weet. |
| Geïmpliseerde betekenis | Dit is 'n betekenis wat nie direk in die teks (verhaal) staan nie en deur die leser uit die konteks afgelei moet word. |
| Genre | 'n Letterkundige soort soos roman, drama of poësie. |
| Ironie | Kyk by stylfigure. |
| lettertipe | Die lettertipe waarin die teks gedruk is bv. Arial, Century Gothic, ens. Dit sluit verder byvoorbeeld *vetdruk* en *skuinsdruk* (italics of kursivering) in. In "Brand" word die karakters se gedagtes deurgaans gekursiveer. |
| Paradoks | Kyk by stylfigure. |
| Protagonis | Die hoofkarakter (altyd 'n ronde karakter). Hy/sy ondervind innerlike en uiterlike konflik en ***<u>ontwikkel</u>*** in die loop van die roman. Die hoofkarakter/protagonis gee gestalte aan die roman se tema of sentrale idee (gedagte). |

| | |
|---|---|
| Retoriese vraag | Kyk by stylfigure. |
| Sarkasme | Dit is smalende, bytende en bitter opmerkings in gesprekke waarin iemand anders gespot word en waarmee dié persoon seergemaak word. |
| Sleng | Informele geselstaal/omgangstaal, wat baie algemeen by tieners is. Dit word in Engels "slang" genoem en verskil van die standaardvorm van Afrikaans. |
| Stylfigure | Stylfigure verskil van beeldspraak in dié sin dat daar nie 'n bepaalde beeld opgeroep word wat *figuurlik* verstaan moet word nie. Die volgende is voorbeelde van die belangrikste stylfigure:<br>1) <u>Teenstelling (antitese</u>)<br>Dit is die verskynsel waar 2 uiterstes teenoor mekaar gestel word.<br>2) <u>Eufemisme</u><br>Dit dui op 'n aangename manier om na iets onaangenaams te verwys. Dit kan verder *versagting* genoem word.<br>3) <u>Ironie</u><br>Dit is die verskynsel waar die teenoorgestelde gesê word as wat bedoel word, of wanneer die teenoorgestelde ding gebeur as wat die leser verwag het, moes gebeur.<br>4) <u>Herhaling (Repetisie)</u><br>Herhaling het altyd die een of ander *beklemtoningsfunksie*. Woorde, sinne, frases, klanke, ens. kan herhaal word.<br>5) <u>Sinekdogee</u><br>Sinekdogee is *gedeeltelike aanduiding*. Slegs 'n deel van die groter geheel word genoem.<br>6) <u>Ellips</u><br>Dit word ook die beletselteken ( . . . ) genoem.<br>Dit is die weglating van woorde wat veronderstel kan word. Weens hewige ontsteltenis of emosionele aandoening kan die karakter bv. nie sy sin voltooi nie en verswyg hy daardie gedeelte om treffender te sê wat hy bedoel. Daar word meestal van die leser verwag om die woorde wat verswyg word, self in te vul.<br>7) <u>Retoriese vraag</u><br>Dit is 'n vraag wat geen antwoord benodig nie, omdat die leser uit die konteks kan aflei wat die antwoord is. Dit het meestal 'n beklemtoningsfunksie.<br>8) <u>Paradoks</u><br>Dit is 'n stelling wat *skynbaar teenstrydig* is, maar as 'n mens mooi daarna kyk, kan dit waar wees.<br>9) <u>Oksimoron</u><br>Wanneer twee teenstellende woorde feitlik of presies langs mekaar staan. |
| Teikengroep | Dit dui op die bedoelde groep lesers of kopers van 'n sekere teks. In die geval van die roman "Brand" is die teikengroep tieners, jong volwassenes of skoolgaande jeug. Fanie Viljoen is by uitstek 'n |

| | |
|---|---|
| | jeugboekskrywer en beplan sy skryfwerk daarvolgens. |
| Teks | ’n Teks verwys na ’n geordende opeenvolging van sinne wat as ’n samehangende eenheid gelees/geïnterpreteer moet word. “Brand” se teks begin op die bladsy waar Arian homself aan sy klasmaats voorstel en eindig met die toneel waar Arian en Estie in mekaar se arms by die brandende huis verkeer. |
| Tema | Die strekking van ’n werk; die sentrale of abstrakte idee wat bv. deur die roman na vore gebring word. Die sentrale idee in “Brand” is die feit dat vuur volgens Arian bevryding bring. Voordat hy sy lewe voor/nuut kan begin, moet hy dit eers met vuurwerk vier/begin. (Hoewel vuur kan vernietig, suiwer dit ook). |
| Groeptaal | Dit is ’n taalvariëteit wat deur ’n bepaalde groep mense soos boere, vissers, studente of tieners gepraat word. Dit verskil van die standaardtaal, soos in “Brand” waar tieneromgangstaal in die dialooggedeeltes gebruik word. In hierdie geval is dit informele taalgebruik en baie van die frases en woorde is aan Engels ontleen. |
| Evalueer | Die leser vorm ’n eie mening/opinie oor situasies, gebeure (handelinge), of woorde, teen die agtergrond van sy/haar eie waardesisteem, (soos bv. goed / sleg, of gepas / onvanpas). |
| Idiomatiese uitdrukking | ’n Vaste uitdrukking in ’n taal soos spreekwoorde en gesegdes. |
| Perspektief | ’n Karakter se siening of standpunt oor ’n saak waaroor die verteller vertel. Dit mag ’n derdepersoonverteller wees, maar op ’n bepaalde plek of in ’n sekere situasie word byvoorbeeld vertel vanuit ’n sekere karakter se perspektief/fokus/oogpunt. Dikwels leer die leser so die *gedagtes* van karakters ken. |
| Retoriese vraag | Kyk by stylfigure. |

## 13 GERAADPLEEGDE BRONNE


Cloete, T.T. (red.). 1992. Literêre terme en teorieë. Pretoria: HAUM-Literêr.

Cooper, J.C. 1984. An illustrated encyclopaedia of traditional symbols. London: Thames & Hudson.

Grové, A.P. (samest.). 1988. Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans (Bygewerkte vyfde uitgawe). Goodwood: NASOU.

Kannemeyer, J.C. sj. Prosakuns. Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery.

Louw, N.P. van Wyk. 1975. Tristia en ander verse, voorspele en vlugte 1950-1957. Kaapstad: Human & Rousseau.

Luther, J., Pheiffer, F. & Gouws, R.H. (reds.). 2015. Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Sesde uitgawe. Kaapstad: Pearson.

Prinsloo, A.F. 2004. Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom. Kaapstad: Pharos.

Van Gorp, H. e.a. (reds.). 1984. Lexicon van literaire termen. Wolters: Leuven.

Van Schalkwyk, D.J. (red.). 1996. Woordeboek van die Afrikaanse Taal (Deel 10.) Stellenbosch: Buro van die WAT.

**Internetbronne:**

http://www.fanieviljoen.co.za/tuis/biografie-2/ (2 Oktober 2020 geraadpleeg).

https://af.wikipedia.org/wiki/Fanie_Viljoen (2 Oktober 2020 geraadpleeg).

https://www.litnet.co.za/fanie-viljoen-1970/ (2 Oktober 2020 geraadpleeg).

https://en.wikipedia.org/wiki/List_of_South_African_slang_words_woordelys (8 Oktober 2020 geraadpleeg).

https://boekwurm13.files.wordpress.com/2010/09/tienerafrikaans.pdf (4 November 2020 geraadpleeg).

https://af.wikipedia.org/wiki/Asteke (7 November 2020 Geraadpleeg).

**BLOKKIESRAAISEL: MEMORANDUM**

| DWARS: | | AF: | |
|---|---|---|---|
| 3 | Verlam. | 1 | Vuur. |
| 5 | Ironies. | 2 | Flip-flops. |
| 6 | Asteke. | 3 | Vuurwerke. |
| 10 | Telkom. | 4 | Trisha. |
| 11 | Hobbelperd. | 7 | September. |
| 12 | Matras. | 8 | Albei. |
| 14 | Estie. | 9 | Aalwynstraat. |
| 15 | Borskanker. | 13 | Rook. |
| 17 | Modder. | 16 | Goedkoop. |
| 19 | Feniks. | 22 | Geweet |
| | | 24 | Ekke. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 20 | Idioot. | 26 | Lategan. |
| 21 | Trouring. | | |
| 23 | Charlene. | | |
| 25 | Pynpille. | | |
| 27 | Tuin. | | |
| 28 | Slang. | | |

## RUBRIEK VIR OPSTELTIPE VRAAG

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **12-15** | **9-11** | **6-8** | **4-5** | **0-3** |
| Interpretasie van onderwerp.<br>Diepte van argument.<br>Verantwoordbaarheid en insig in teks.<br><br>**15 PUNTE** | ) Uitsonderlike respons: 14-15.<br>) Uitstekende respons: 12-13.<br>) Diepgaande interpretasie van die onderwerp.<br>) Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is.<br>) Uitstekende begrip van die genre en teks. | ) Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer.<br>) Respons redelik gedetailleerd.<br>) Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie.<br>) Begrip van genre en teks duidelik. | ) Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie.<br>) Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp.<br>) Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie.<br>) Basiese begrip van genre en teks. | ) Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie.<br>) Min punte wat die onderwerp ondersteun.<br>) Baie min relevante argumente.<br>) Weinig begrip van genre en teks. | ) Geen begrip van die onderwerp nie.<br>) Swak poging om die vraag te beantwoord.<br>) Argumente oortuig nie.<br>) Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie. |
| **STRUKTUUR EN TAAL** | **8-10** | **6-7** | **4-5** | **2-3** | **0-1** |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding.<br>Taalgebruik, toon en styl in opstel gebruik.<br><br>**10 PUNTE** | ) Samehangende struktuur.<br>) Uitstekende inleiding en slot.<br>) Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling.<br>) Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek. | ) Duidelike struktuur.<br>) Logiese vloei van argumente.<br>) Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer.<br>) Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek. | ) Enkele bewyse van struktuur.<br>) Logika en samehang is duidelik, maar met foute.<br>) Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas.<br>) Paragrafering meestal korrek. | ) Struktuur toon tekens van swak beplanning.<br>) Argumente nie logies gerangskik nie.<br>) Taalfoute beduidend.<br>) Toon en styl nie geskik nie.<br>) Paragrafering foutief. | ) Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente.<br>) Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk.<br>) Styl en toon nie geskik nie.<br>) Paragrafering foutief. |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **20-25** | **15-19** | **10-14** | **5-9** | **0-4** |

## RUBRIEK VIR KORTER TEKSTE

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD,<br>BEPLANNING EN FORMAAT**<br>Respons en idees; Organisering van idees vir beplanning; Doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks.<br><br>**15 PUNTE** | **13-15** | **10-12** | **7-9** | **4-6** | **0-3** |
| | ) Respons uitsonderlik, bo verwagting.<br>) Idees intelligent en volwasse.<br>) Grondige kennis van die soort teks.<br>) Skryfwerk behou fokus.<br>) Samehang in inhoud en idees.<br>) Idees is behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp onder-steun.<br>) Gepaste en akkurate formaat. | ) Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks.<br>) Behou fokus. Geen afwyking nie.<br>) Samehang en inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun.<br>) Gepaste formaat met onbeduidende foute. | ) Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks.<br>) Nie heeltemal gefokus nie; enkele afwykings.<br>) Redelike samehang in inhoud en idees.<br>) Sommige detail onder-steun die onderwerp.<br>) Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute. | ) Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks.<br>) Aanduiding van fokus, maar met afwykings.<br>) Inhoud en idees nie altyd samehangend nie.<br>) Min detail ondersteun die onderwerp.<br>) Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas.<br>) Kritiese foute begaan. | ) Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie.<br>) Betekenis onduidelik met groot afwyking.<br>) Geen samehang in idees en inhoud nie.<br>) Baie min detail ondersteun die onderwerp.<br>) Nodige reëls van formaat word nie toegepas nie. |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br>Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks;<br>Taalgebruik en konvensies;<br>Woordkeuse; Punktuasie en spelling<br><br>**10 PUNTE** | **9-10** | **7-8** | **5-6** | **3-4** | **0-2** |
| | ) Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir die doel, gehoor en konteks.<br>) Grammatika akkuraat en goed gekonsentreerd<br>) Feitlik foutloos. | ) Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir die doel, gehoor en konteks.<br>) Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer.<br>) Baie goeie woorde-skat.<br>) Oorwegend foutloos. | ) Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir die doel, gehoor en konteks.<br>) Enkele grammatika-foute.<br>) Voldoende woordeskat<br>) Foute belemmer nie die betekenis nie. | ) Toon, register, styl en woordeskat is minder geskik vir die doel, gehoor en konteks.<br>) Grammatika is onak-kuraat met etlike foute.<br>) Basiese woordeskat.<br>) Betekenis word belem-mer. | ) Toon, register, styl er woordeskat stem nie ooreen met die doel, gehoor en konteks nie.<br>) Besaai met foute en verward.<br>) Woordeskat is nie geskik vir die doel nie.<br>) Betekenis word ernsti belemmer. |
| **PUNTEVERSPREIDING** | **22-25** | **17-20** | **12-15** | **7-10** | **0-5** |